# Die bydrae van Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs vir Voordraers tot die ontwikkeling van musiek in Suid-Afrika

**Janette Rottcher**

**Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad**
**MMus (Uitvoerende Kuns)**
**Departement Musiek**
**Fakulteit Geesteswetenskappe**

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**PRETORIA**

**Februarie 2011**

**Studieleier: Prof W van Wyk**
**Medestudieleier: Mnr S Adams**

© University of Pretoria

# Inhoudsopgawe

Erkenning .......... **iv**

Opsomming .......... **v**

Abstract .......... **vi**

Sleutelwoorde .......... **vii**

Key words .......... **vii**

Lys van grafieke .......... **viii**

Lys van tabelle .......... **viii**

Lys van afkortings .......... ix

**HOOFSTUK 1: Inleiding .......... 1**

1.1 Inleiding en agtergrond .......... 1
1.2 Persoonlike motivering .......... 4
1.3 Probleemstelling .......... 4
1.4 Navorsingsvrae .......... 5
1.4.1 Hoofnavorsingsvraag .......... 5
1.4.2 Subvrae .......... 5
1.5 Doelwit van die studie .......... 6
1.6 Afbakening van die studie .......... 6
1.7 Navorsingsmetodes .......... 6
1.8 Terminologie .......... 12

**HOOFSTUK 2: Literatuurstudie .......... 14**

2.1 Inleiding .......... 14
2.2 Die loopbane van uitvoerende musici .......... 14
2.3 Omskrywing van 'n professionele musikus .......... 17
2.4 Musiekonderwys en die professionele musikus .......... 19
2.5 Die invloed van formele musiekonderrig .......... 20
2.6 Die invloed van informele musiekonderrig .......... 21
2.7 Beurse en kompetisies .......... 23
2.8 Samevatting .......... 25

**HOOFSTUK 3: Die beurswenners tussen 1970 en 2000 .......... 27**

3.1 Inleiding .......... 27
3.2 Tabel van die Unisa Oorsese-Musiekstudiebeurswenners .......... 27
3.3 Agtergrond van respondente .......... 28
3.3.1 Mariaan Schwietering .......... 29
3.3.2 Albie van Schalkwyk .......... 29
3.3.3 Wessel van Wyk .......... 30
3.3.4 Anton Nel .......... 31
3.3.5 Paul van der Merwe .......... 32
3.3.6 André Wessels .......... 33
3.3.7 Ingrid van Zweel .......... 34

3.3.8 Susan Mouton ....................................................35
3.3.9 Pieter Schoeman ....................................................35
3.3.10 Charlotte Potgieter ....................................................36
3.3.11 Christopher Duigan ....................................................37
3.3.12 Robert Pickup ....................................................38
3.3.13 Jonathan Oshry ....................................................38
3.3.14 Jeanne-Minette Cilliers ....................................................39
3.3.15 Anzel Gerber ....................................................40
3.4 Samevatting ....................................................41

**HOOFSTUK 4: Uiteensetting en analise van die resultate ....................................................43**

4.1 Inleiding ....................................................43
4.2 Die voortgesette studies van die beurswenners ....................................................43
4.2.1 Aanvanklike doelwitte van beurswenners ....................................................43
4.2.2 Aanvanklike buitelandse opleiding ....................................................44
4.2.3 Gekose lande en musiekinstansies ....................................................45
4.2.4 Motivering vir spesifieke musiekinstansies ....................................................46
4.3 Respondente se kwalifikasies ....................................................48
4.3.1 Aantal kwalifikasies na beursoorwinning ....................................................48
4.3.2 Oorsese musiekopleiding vs musiekopleiding in Suid-Afrika ....................................................49
4.4 Die musiekloopbane van die beurswenners ....................................................51
4.4.1 Veelvuldige loopbane ....................................................51
4.4.2 Onderwys ....................................................52
4.4.3 Uitvoerende aktiwiteite ....................................................54
4.4.4 Beskikbare loopbaangeleenthede ....................................................55
4.5 Bydraes wat gemaak word tot die musiekbedryf ....................................................57
4.6 Die invloed van Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs op die beurswenners ......59
4.6.1 Unisa Departement Musiek se voorwaardes ....................................................59
4.6.2 Unisa Departement Musiek se ondersteuning ....................................................59
4.6.3 Die direkte/indirekte invloed van Unisa op beurswenners se loopbane ........61
4.6.4 Die invloed van oorsese studie op beurswenners se beroepsdoelwitte .......63
4.6.5 Die invloed van oorsese studie op beurswenners self ....................................................64
4.6.6 Wat beurswenners gevolglik kan bied ....................................................65
4.6.7 Unisa as musiekinstansie ....................................................67
4.7 Bydraes tot Suid-Afrika ....................................................68
4.7.1 Beurswenners wat in Suid-Afrika optree ....................................................68
4.7.2 Onderwys in Suid-Afrika ....................................................71
4.7.3 Algehele bydraes ....................................................72
4.8 Bespreking van resultate ....................................................74

**HOOFSTUK 5: Gevolgtrekking ....................................................78**

5.1 Inleiding ....................................................78
5.2 Beantwoording van subvrae ....................................................78
5.2.1 Waar en in watter hoedanigheid het beurswenners hul loopbane voortgesit? .. ....................................................78
5.2.2 Hoeveel beurswenners het na voltooiing van hul buitelandse opleiding hul ervarings in Suid-Afrika kom terugploeg en in watter hoedanigheid? ...........79

5.2.3 Op watter wyse het die beurswenners ’n bydrae in Suid-Afrika gemaak sedert hul terugkeer? ....79
5.2.4 Watter beurswenners het hulself oorsee in ’n suksesvolle musiekloopbaan gevestig, en besoek hulle Suid-Afrika in ’n professionele hoedanigheid? ....80
5.2.5 Watter beurswenners beklee ’n voltydse aanstelling in ’n musiekpos en watter persentasie beoefen musiek op ’n deeltydse basis? ....80
5.2.6 Is die beursgeld toereikend om vir buitelandse studiekursusse te betaal?...80
5.3 Beantwoording van hoofnavorsingsvraag....80
5.4 Aanbevelings vir Suid-Afrika se musiekbedryf....81
5.5 Aanbevelings vir verdere studie....81
5.6 Samevatting....82

**Bibliografie....83**

**Bylae A: Notification Letter ....88**

**Bylae B: Consent Form and Questionnaire ....91**

# Erkenning

Graag wil ek my dank teenoor die volgende persone uitspreek:

Eerstens aan my studieleier, Prof Wessel van Wyk, vir sy volgehoue bystand en hulp, asook aan Mnr Sean Adams, my mede-studieleier, vir sy raad en leiding.

Aan Prof Ella Fourie vir haar groot inspirasie en bydrae tot my musiekontwikkeling, asook haar oneindige liefde en vertroue in my deur die jare.

Aan Prof Ruth Goveia wat my bygestaan het in my voorbereiding vir my tweede Meestersgraad konsert.

Aan Unisa wat toestemming verleen het om hierdie navorsing te doen.

My innige dank aan my ouers vir hul hulp en gebede, aan my suster en haar man, Martie en Jaco, vir hul gasvryheid telkens as ek in Pretoria was. Dankie ook aan Johannes vir sy hulp.

Laastens, baie dankie aan my man, Brad, vir sy inspirasie en onwrikbare geloof in my.

# Opsomming

In hierdie studie word die invloed van Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs vir Voordraers op musiekontwikkeling in Suid-Afrika ondersoek. Ten einde hierdie doel te bereik, is twee navorsingsmetodes gevolg. Eerstens is 'n literatuurstudie gedoen. Daardeur is die loopbane van gevestigde en aspirerende uitvoerende kunstenaars ondersoek, die term 'professionele musikus' omskryf, die invloed van formele en informele musiekonderrig op jong musiekstudente bestudeer en ook die verhouding tussen 'n onderwys- en uitvoerende loopbaan bloot gelê. Tweedens is 'n vraelys aan al die beskikbare Unisa Oorsese Musiekstudiebeurswenners tussen 1970 en 2000 gestuur. Die doel van die vraelys was hoofsaaklik om inligting oor die persoonlike ervaring wat die persone in die steekproefgroep gedurende hul opleiding in die buiteland en daaropvolgende loopbane opgedoen het, in te win. Beide kwantitatiewe en kwalitatiewe data is deur die navorsingsmetodes bekom.

Hoewel die responskoers redelik laag was, is waardevolle inligting ingewin oor die invloed wat Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs op die beurswenners gehad het. Die data het die hoedanighede van die beurswenners se loopbane asook die bydraes wat hulle in uitvoerende en onderwys kapasiteit lewer, aangedui. Die resultate het getoon dat die meerderheid beurswenners wel in Suid-Afrika gevestig is, terwyl die meeste van dié wat oorsee is, Suid-Afrika steeds besoek op 'n professionele basis. Die feit dat die meeste beurswenners suksesvolle musiekloopbane volg en ook meestal hoogs gekwalifiseer is, dui daarop dat Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs 'n integrale deel vorm van die ontwikkeling van Suid-Afrika se musiekbedryf.

# Abstract

This study examines the influence of Unisa's Overseas Music Scholarship for Performers on the music development of South Africa. Two research methods were used to achieve this. Firstly, a literature study was conducted. This was done to obtain existing information regarding the careers of performing artists, define the term 'professional musician', study the influence of formal and informal music education on young music students as well as to uncover the relationship between teaching and performing careers. Secondly, a quesionnaire was sent to all available Unisa Overseas Music Scholarship winners between 1970 and 2000. The aim of the quesionnaire was to gain information regarding the winners' personal experience of their education and careers. Quantitative and qualitative data was gained through this research method.

Although the respons rate was low, valuable information was gathered regarding the influence that the Unisa Overseas Music Scholarship had on the scholarship winners. The data showed the capacity of the scholarship winners' careers as well as the contribution they make in the performing and teaching environment. The results showed that more scholarship winners settled in South Africa, while many of those who settled overseas, still visit South Africa on a professional basis. The fact that most of the scholarship winners lead sucsessful music careers and are mostly highly qualified, indicates that Unisa's Overseas Music Scholarship forms an integral part in the development of South Africa's music industry.

# Sleutelwoorde

Musiekkompetisies

Unisa Oorsese Musiekstudiebeurskompetisie vir Voordraers

Unisa Oorsese Musiekstudiebeurswenners

Musiekloopbaan

Musiekonderwys

Musiekskole

# Key words

Music competitions

Unisa Overseas Music Scholarship competition for Performers

Unisa Overseas Music Scholarship winners

Music career

Music teaching

Music schools

# Lys van grafieke

Grafiek 4-1: Loopbaankeuses....44
Grafiek 4-2: Aanvanklik kwalifikasies en opleiding na die beurstoekenning ....45
Grafiek 4-3: Lande waar beurswenners studeer het....46
Grafiek 4-4: Aantal kwalifikasies....49
Grafiek 4-5: Enkelvoudige vs veelvuldige loopbane ....52
Grafiek 4-6: Globale groep in onderwys betrokke....53
Grafiek 4-7: Respondente in onderwys betrokke....53
Grafiek 4-8: Verskillende rigtings van uitvoerende loopbane....55
Grafiek 4-9: Invloed van Unisa op beurswenners se loopbane....63
Grafiek 4-10: Die globale groep beurswenners wat in SA en in die buitland optree ....69
Grafiek 4-11: Respondente wat in SA en in die buitland optree....70
Grafiek 4-12: Persentasie musiekonderwysers in Suid-Afrika (globale groep) ....71
Grafiek 4-13: Persentasie musiekonderwysers in Suid-Afrika (respondente) ....71
Grafiek 4-14: Persentasie bydrae in Suid-Afrika (globale groep)....72
Grafiek 4-15: Persentasie bydraes in Suid-Afrika (respondente)....73
Grafiek 4-16: Persentasie beurswenners in Suid-Afrika (globale groep) ....73
Grafiek 4-17: Persentasie beurswenners in Suid-Afrika (respondente) ....74

# Lys van tabelle

Tabel 2-1: Persentasie van RCM Alumni wat veelvuldige loopbane het....16
Tabel 2-2: Bestemming van gegradueerders ses maande na hul studie....16
Tabel 3-1: Beurswenners....27
Tabel 4-1: Motivering vir gekose instansie....48
Tabel 4-2: Geleenthede in Suid-Afrika....56

# Lys van afkortings

ABRSM – Associated Board of the Royal Schools of Music

AEC - Association of European Conservatories

CMS –College Music Society

COSA - Chamber Orchestra of South Africa

EU – Europese Unie

EPTA - European Piano Teachers Association

ESTA - European String Teachers Association

FAK - Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniging

HEFCE – Higher Education Funding Council for England

HESA – Higher Education Statistics Agency

ISME - International Society for Music Education

NASM – National Association of Schools of Music

NZAV - Nederlandse Zuid-Afrikaanse Vereniging

PALATINE - Performing Arts Learning and Teaching Innovation Network

RCM – Royal College of Music

SAMA – South African Music Awards

SAMRO - Southern African Music Rights Organisation

UNESCO - United Nations Education, Scientific and Cultural Organization

Unisa –Universiteit van Suid-Afrika

VK – Verenigde Koninkryk

VSA – Verenigde State van Amerika

# HOOFSTUK 1: Inleiding

## 1.1 Inleiding en agtergrond

Unisa ken jaarliks twee oorsese musiekstudiebeurse toe, naamlik die Unisa Oorsese Musiekstudiebeurs vir Voordraers en die Unisa Oorsese Musiekstudiebeurs vir Onderwysers. Hierdie beurse stel die twee onderskeie wenners in staat om elders in die wêreld verder te studeer en om hulle op 'n hoër vlak te kwalifiseer. Alhoewel daar geen amptelike kontrak is nie, hoop Unisa dat die beurswenners aan die einde van hul oorsese studie, hulle kennis in Suid-Afrika sal terugploeg (*Handboek vir Musiekeksamens* 2005: 17). Wat van die beurswenners word, is egter onbekend. Soms word daar by 'n uitvoering op 'n musikus se Curriculum Vitae gelees dat hy/sy voorheen 'n Unisa Oorsese Musiekstudiebeurs ontvang het; ander kere word daar nooit weer van 'n beurswenner in 'n uitvoerende kapasiteit gehoor nie. Hierdie studie sal poog om te bepaal hoe die Unisa Oorsese Musiekstudiebeurs vir Voordraers die loopbane van beurswenners beïnvloed het en of die beurswenners daadwerklik 'n bydrae tot Suid-Afrika se uitvoerende kuns en/of musiekonderwys gelewer het.

Vir musici in Suid-Afrika wat beoog om uitvoerende musici te word en internasionale erkenning te bekom, is Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs vir Voordraers 'n gesogte prys. In ooreenstemming met die benaming mag die wenner die beursgeld slegs vir buitelandse opleiding aanwend. Te danke aan dié beurs word deure oopgemaak vir voornemende uitvoerende musici. Unisa nooi jaarliks Voordraerslisensiaatkandidate uit wat hul eksamen met lof geslaag het en vir die beurs aanbeveel is om aan die Oorsese Musiekstudiebeurskompetisie deel te neem. Een van die deelnemers wat aan die kompetisie deelgeneem het, maar nie 'n beurs ontvang het nie, word 'n tweede kans gegun. Die kandidaat ontvang die Gertrude Buchanan Gedenkprys wat hom of haar in staat stel om weer aan die volgende jaar se Oorsese Musiekstudiebeurskompetisie deel te neem (*Handboek vir Musiekeksamens* 2005: 17). 'n Openbare konsertgeleentheid word jaarliks aan die beurswenner van Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurskompetisie vir Voordraers gebied deur die Unisa Musiekstigting (Unisa Musiekstigting 2010).

Die Universiteit van de Kaap de Goede Hoop (wat in 1916 herbenoem is as die Universiteit van Suid-Afrika) het verantwoordelikheid vir musiekeksamens in Suid-Afrika oorgeneem by die *Royal Schools of Music* (Londen). Britse eksaminatore het tot en met 1932 die praktiese eksamens in Suid-Afrika afgeneem. Die behoefte aan Suid-Afrikaanse eksaminatore het noodsaaklik geword om verskeie redes, onder andere nasionalisme, die taalkwessie sowel as die Depressie weens die Wêreldoorlog. In 1933 is praktiese eksamens vir die eerste keer deur Suid-Afrikaanse eksaminatore afgeneem. Onder diegene wat hiermee gemoeid was, was Oliver Karstel, Colin Taylor, Eric Grand, Petrus J Lemmer, Horace Barton en David J Roode. Professor Roode is later (1958-1966) as Unisa se eerste voltydse Direkteur van Musiek aangestel (*Handboek vir Musiekeksamens* 2005: v).

Die Unisa Oorsese Musiekstudiebeurskompetisie het sy oorsprong in 1899 gehad toe die Universiteit van de Kaap de Goede Hoop 'n jaarlikse beurs van £75 ingestel het. Die Oorsese Musiekstudiebeurs is geskenk aan die musiekkandidaat wat waarskynlik die meeste sou baat by verdere studie in Europa. Die eerste wenner, Gladys E Watts, is deur die Britse eksaminator, Sir George Martin, aanbeveel (Anoniem 1994: 185). In 1903 word die waarde van die beurs verhoog tot £125 (vir drie jaar). In 1911 ontvang Adolph Hallis, wat uiteindelik as pianis en leermeester 'n leidende figuur in Suid-Afrika se musieklewe word, die oorsese beurs. Later is die beurs ook deur twee uitsonderlike musici ontvang, naamlik Priaulx Rainier (1919) en Betsy de la Porte (1924). Beide hierdie vroue het internasionale erkenning gekry, Rainier as violis en komponis en De la Porte as opera sangeres (Anoniem 1994: 178-189). Ander bekende musici wat elk 'n oorsese beurstoekenning ontvang was die pianis Lionel Bowman (1937) en die dirigent Anton Hartman (1937).

Aanvanklik was die beurswenners verplig om hul studie aan die *Royal Academy of Music* of die *Royal College of Music* (beide in Londen) voort te sit, maar sedert 1941 is beurswenners toegelaat om die naam van enige musiekinstansie aan Unisa voor te lê vir goedkeuring. In 1945 wen Hennie Joubert (Professor H Joubert was vanaf 1967-1986 die opvolger vir Professor D J Roode as Direkteur van Musiek by Unisa) die oorsese Voordraersbeurs en in dieselfde jaar loop die samewerking tussen die *Associated Board of the Royal School of Music* en die Unisa Universiteitsraad ten einde. Sedert 1946 is 'n tweede Oorsese Musiekstudiebeurs aan die onderwyslisensiaatkandidaat wat die beste

presteer, toegeken. Terselftertyd is die reël ingestel dat, indien daar geen geskikte kandidaat vir een beurskategorie was nie, albei beurse aan twee geskikte kandidate in die ander kategorie kon gaan. Eers 32 jaar later (1978) word die Oorsese Musiekstudiebeurs vir Onderwysers vernoem na D J Roode en die Oorsese Musiekstudiebeurs vir Voordraers na P J Lemmer.

Beurswenners van die sestigerjare soos die orrelis Henk Temmingh (Onderwysers – 1962), die tjellis Marian Lewin (Voordraers – 1968) sowel as die pianiste Annette Kearney (Voordraers – 1964), Pieter de Villiers (Onderwysers – 1966), John Roos (Onderwysers – 1968) en Stephen de Groote (Voordraers – 1969) word gerekende musici wat daadwerklike bydraes tot die kunsvorm op nasionale sowel as internasionale vlak maak. Wyle Stephen de Groote word 'n groot internasionale naam nadat hy die belangrike Van Cliburn Internasionale Klavierkompetisie in Amerika wen. John Roos, Professor H Joubert se opvolger as die Direkteur van Unisa se Departement Musiekeksamens vanaf 1987-1990, is tans die Direkteur van die Unisa Musiekstigting wat onder andere gemoeid is met die reëling van die tweejaarlikse Unisa Transnet Internasionale Klavierkompetisie sedert die stigting daarvan in 1982 (Anoniem 1994: 183-189).

Die twee studiebeurse is deur die jare finansieel aangepas en soms gekombineer om tred te hou met inflasie en die veranderende wisselkoers. In 1970 was die P J Lemmer-beurs en die D J Roode-beurs elk R1000 werd. In 2009 was die beurse elk R100 000 werd. In 2010 word beide die Onderwys- en die Voordraers Oorsese Musiekstudiebeurs se individuele geldwaarde verhoog tot R110 000. Ander beurse, byvoorbeeld die Nina Barry Oorsese Musiekstudiebeurs, die Gertrude Buchanan Gedenkprys, die SAMRO/Unisa/Brenda Rein Begeleidingstudietoekenning en die SAMRO-prys vir die beste uitvoering van 'n Suid-Afrikaanse komposisie, word bykomend toegeken om ekstra finansiële steun te bied (*Musicus* 1994: 191). Sedert 1999 is nog 'n oorsese musiekstudiebeurs, naamlik die Stephanus Zondagh Oorsese Orrelstudiebeurs, toegeken. Hierdie beurs is egter vanaf 2009 slegs elke tweede jaar beskikbaar (*Unisa Inligtingsbrief* 2009: 15).

## 1.2 Persoonlike motivering

Die navorser se motivering vir die studie spruit uit persoonlike deelname aan die Unisa Suid-Afrikaanse Musiekstudiebeurskompetisie (vir Graad VIII) en die begeerte om self ’n Oorsese Musiekstudiebeurs te kon wen. Te danke aan die Oorsese Musiekstudiebeurs kry sommige jong Suid-Afrikaanse musiekstudente ’n geleentheid om ’n internasionale loopbaan te vestig. Die verskillende kulturele en sosiale ervarings dra by tot hul eie ontwikkeling en kennis (O’Flynn 2005: 192). Sommige studente lê selfs hul eksamen vir ’n tweede keer af met die hoop op ’n beurstoekenning. Dit is dus duidelik dat die kompetisie hoog geag word onder Suid-Afrika se jong musici.

Universiteite, kolleges en konservatoriums wêreldwyd stuur jaarliks honderde jong musici die musiekwêreld in, maar soos Leon Fleischer (Mach 1991a: 111) tereg vra, wat word van almal? Hoe maak hulle ’n bestaan uit musiek? Die klassieke uitvoerende kuns is ’n hoogs gespesialiseerde veld wat hoë standaarde en toewyding vereis, maar wat egter ’n onsekere toekoms bied (Bennett 2008: 36). Daar is nie genoeg geleenthede vir uitvoerende musici om ’n bestaan te maak nie, gevolglik het musici dikwels meervoudige loopbane. Daar word dus gespesialiseer in twee of meer areas. Die gegradueerdes lewer dus op die een of ander wyse ’n bydrae, byvoorbeeld in uitvoerende kuns of onderwys. Die navorser beoog om met behulp van ’n vraelys-gebaseerde studie te bepaal in watter mate beurswenners van die Unisa Oorsese Musiekstudiebeurskompetisie bydraes tot Suid-Afrika se uitvoerende kuns en musiekonderwys lewer.

## 1.3 Probleemstelling

Die hoofprobleem van die studie is om te bepaal hoe en in watter opsig Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurswenners bydra tot Suid-Afrika se uitvoerende kuns en musiekopleiding.

Die probleemstelling kan onderverdeel word in die volgende subprobleme:

- die invloed van die beurs op Unisa Oorsese Beurswenners se toekoms en loopbaanontwikkeling;
- die bydraes wat die beurswenners in uitvoerende kuns en musiekonderwys lewer/gelewer het; en
- die tipe bydraes wat die beurswenners in Suid-Afrika lewer/gelewer het.

Daar is min inligting beskikbaar oor watter tipe lewe ’n professionele musikus lei (Bennett 2008: 36). Alhoewel die Unisa Oorsese Musiekstudiebeurs vir Voordraers reeds langer as ’n eeu toegeken word, is daar nog min navorsing gedoen oor eertydse beurswenners. Daar bestaan geen statistieke gegrond op die persentasie beurswenners wat uiteindelik voltydse musici geword het en die persentasie wat hul na ander beroepe gewend het nie. Daar is geen ondersoek gedoen na die wyse waarop hierdie beurse tot uitvoerende kuns en musiekonderrig in Suid-Afrika bygedra het nie. Die studie sal poog om hierdie gaping te oorbrug.

## 1.4 Navorsingsvrae

### 1.4.1 Hoofnavorsingsvraag

Hoe suksesvol word die uitgesproke doelwit (Handboek vir Musiekeksamens) van Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs vir Voordraers verwesenlik, naamlik dat beurswenners hul musiekkennis in Suid-Afrika terugploeg?

### 1.4.2 Subvrae

- Waar en in watter hoedanigheid het beurswenners hul loopbane voortgesit?
- Het die beurswenners verdere musiekprestasies behaal?
- Het beurswenners na voltooiing van hul buitelandse opleiding hul ervarings in Suid-Afrika kom terugploeg en in watter hoedanigheid?
- Op watter wyse het die beurswenners ’n bydrae in Suid-Afrika gemaak sedert hul terugkeer?
- Besoek beurswenners Suid-Afrika in ’n professionele hoedanigheid?
- Beklee beurswenners voltydse aanstellings in musiekposte of beoefen hulle musiek op ’n deeltydse basis?
- Is die beursgeld toereikend om vir buitelandse studiekursusse te betaal?

## 1.5 Doelwit van die studie

Hierdie studie sal poog om die direkte of indirekte invloed van die Unisa Oorsese Musiekstudiebeurs vir Voordraers op beurswenners se musiekloopbane te bepaal. Die sukses wat die beurswenners nasionaal en internasionaal behaal het, sal ’n aanduiding wees of die beurs hul loopbane positief beïnvloed het. Volgens Bennett (2008: 80) is formele opnames van gegradueerde studente se ontwikkelende loopbane nodig om die invloed van musiekprestasies te bepaal. Die navorsing oor die beurswenners en hul prestasies sal dus die invloed van Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs in Suid-Afrika ondersoek. Verder sal die studie lig werp op watter mate Suid-Afrika se uitvoerende kuns en musiekonderwys baat by dié beurswenners.

’n Verdere doelwit van die studie is dat die navorsingsbevindinge hopelik deur ander navorsers gebruik kan word om daaruit aan te haal of hulle eie studie daarmee te vergelyk. Die studie sal ook insiggewend wees vir studente wat oorweeg om aan die kompetisie deel te neem. Hierdie verhandeling sal poog om na te vors of Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurskompetisie vir Voordraers ’n belangrike bydrae lewer tot die musiek in Suid-Afrika.

## 1.6 Afbakening van die studie

Daar word slegs op die oorsese beurswenners van Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs vir Voordraers gefokus en nie op die beurswenners van ander kompetisies in Suid-Afrika nie. Aangesien die studie spesifiek oor uitvoerende musici handel, is slegs die jaarlikse Oorsese Musiekstudiebeurs vir Voordraers onder die soeklig. Omdat dit tyd neem om ’n loopbaan as professionele uitvoerende kunstenaar te vestig of om in ander moontlike vertakkingsareas soos onderwys ’n reputasie op te bou, sal die beurswenners tussen die jare 1970 en 2000 genader word om hul ervarings in verband met die Unisa Oorsese Musiekstudiebeurs te bekom. Daar word slegs op Westerse kunsmusiek gefokus.

## 1.7 Navorsingsmetodes

In hierdie afdeling word die navorsingsontwerp en die tipe navorsingsinstrumente van die studie in diepte bespreek. Daar word aangetoon watter navorsingsmetodes gekies is, hoe

dit aangewend gaan word, waarom hierdie metodes gekies is en hoe die navorser beoog het om gedetailleerde data oor die loopbane en ervaringe van Unisa se beurswenners in te win en te gebruik. Daar word getoon waarom die studie oorwegend kwalitatief van aard is, maar ook aanvullende kwantitatiewe data bevat.

Vir die doeleindes van hierdie studie het die navorser die vraelysmetode as die mees geskikte instrument vir die insameling van inligting geag. Die vraelysmetode is 'n handige navorsingsinstrument vir die kwalitatiewe-kwantitatiewe kombinasie. Dit was spesifiek handig omdat spesifieke vrae gekonstruktureer kon word om sodoende belangrike inligting in ooreenstemming met die navorsingsvrae in te win. Aangesien dit geografies onmoontlik was om Unisa se beurswenners elkeen persoonlik te ontmoet vir 'n onderhoud, het die navorser teen die onderhoud-metode besluit. Waar nodig, is daar wel met sommige deelnemers telefoniese onderhoude gevoer. Deur middel van die vrae het die navorser gepoog om uit te vind waar die beurswenners hulself gevestig het, wat die aard van hul loopbane is en wat hulle opinies oor verskeie aspekte van Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs is.

Voor die vraelyste egter uitgestuur is, is 'n literatuurstudie van toepaslike bronne gemaak om 'n beter begrip van 'n professonele musikus se loopbaan te verkry. Die NASM (National Associations of Schools of Music) het op hul webblad 'n voorbeeld van 'n vraelys gestel wat deur musiekinstansies aan gegradueerde studente gestuur kan word (Schaffer 2003). Die inligting wat deur die sekondêre literatuurstudie ingewin is, tesame met die voorbeeld van 'n vraelys van NASM, is gebruik as 'n riglyn om 'n vraelys op te stel. So byvoorbeeld is aan die beurswenners gevra om belangrike professionele optredes te lys om sodoende inligting omtrent die hoedanigheid van hul uitvoerende loopbane in te win. Daar is ook gevra om te verduidelik hoe die Unisa Oorsese Musiekstudiebeurs na hul mening hul musiekloopbane en persoonlike doelwitte beïnvloed het, die finansiële hupstoot wat die beurs hulle gebied het en die verdere kwalifikasies wat die beurswenners gevolglik behaal het. Uit die aard van hul kwalifikasies en loopbane kon die navorser gevolgtrekkings maak oor die tipe bydraes wat die beurswenners tot musiek in Suid-Afrika lewer.

Die aard van musiek as bedryf maak dit moeilik om effekte en invloede deur middel van kwantitatiewe formules te meet. Die navorser het dit daarom goedgedink om meer gewig

toe te ken aan die kwalitatiewe sy van die ondersoek. Die invloed van Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs vir Voordraers op die musiek van Suid-Afrika is dus nie in die eerste plek deur middel van wiskundige metodes bepaal nie, maar eerder op ’n narratiewe wyse.

Daar is besluit om al die Unisa Oorsese Musiekstudiebeurswenners vir Voordraers tussen 1970 en 2000 te nader om te verseker dat die deelnemers ten tyde van die studie reeds gevestigde loopbane sou hê. Die studie van beurswenners se loopbane 10 of 20 jaar na prysverowering verhoog die navorser se kanse om ’n vollediger beeld van ’n musiekloopbaan te skets (Rogers 2002: 28). Gedurende die bogenoemde periode was daar 32 beurswenners, waarvan twee reeds oorlede is en 29 posadresse opgespoor is.

Die studie is in drie fases opgedeel: Die eerste fase van die studie sluit ’n analise van sekondêre broninligting asook die uitstuur van die vraelys in. Identiese Engelse vraelyste is aan die bogenoemde 29 beurswenners gestuur oor ’n tydperk van ’n maand. Die vraelys is in meeste gevalle elektronies aan die beurswenners gestuur en was in so ’n formaat ontwerp dat die deelnemers dit elektronies of per hand kon beantwoord en terugstuur. Deelnemers kon dus kies of hulle die vraelys deur middel van elektroniese pos of gewone pos wou terugstuur.

Die vraelys (Bylae B) is volgens die navorsingsvrae opgestel en het bestaan uit vier afdelings. Die eerste afdeling het hoofsaaklik oor biografiese agtergrond gehandel om basiese inligting van die respondente te in te win. Hierdie afdeling het bestaan uit geslote vrae.

Die tweede afdeling het die beurswenners se opleiding en post-beursoorwinningsgeleenthede gedek. Die antwoorde op hierdie vrae het bepaal watter kwalifikasies die beurswenners verwerf het, die tipe loopbane wat hul lei asook watter beurswenners ’n bydrae in Suid-Afrika gemaak het en in watter hoedanigheid. Hierdie afdeling het bestaan uit beide geslote en oop vrae.

Afdeling drie het slegs uit oop vrae bestaan wat aan die deelnemers geleentheid gegee het om hul ervaringe en opinies rondom die beursprestasie te lug. Die laaste afdeling het persoonlike besonderhede van die beurswenners gevra en het ook die beurswenner toegelaat om aan te dui of hy/sy anoniem wil bly.

Uit die 29 vraelyste wat uitgestuur is, is 15 terugontvang. Hoewel teleurstellend, verteenwoordig dit 'n aanvaarbare steekproef van 52%. Volgens Fink (2003: 20) is dit belangrik om ontbrekende data elders te bekom wanneer die responskoers laag is. Sodoende kan 'n navorser 'n groter beeld verkry oor die teikengroep. Ter wille van geldigheidsoorweging in die resultate van die studie het die navorser dus ook inligting uit verskeie ander bronne soos persoonlike webadresse, ou konsertprogramme en tydskrifartikels nagevors oor die beurswenners wat nie die vraelys ingevul het nie. Om te verhoed dat enige vooropgestelde idees sou ontstaan as gevolg van 'n relatiewe lae responskoers, is die bykomende data vergelyk met die terugvoer van die respondente. In die analise wat volg word daar dikwels verwys na die 'globale groep' en die 'respondente'. Die globale groep sluit al 29 beurswenners in, terwyl die respondente slegs die 15 beurswenners wat die vraelys beantwoord het, insluit.

Die tweede fase van die studie het bestaan uit die ontleding van die antwoorde op die vraelys en sluit 'n kwantitatiewe (normatiewe) analise in. Met behulp van statistieke het die navorser gepoog om betekenis te gee aan numeriese data in die vraelys. Kwantitatiewe studies behels die bestudering van data in numeriese terme wat gebruik kan word om ontluikende temas in rou data te identifiseer en te kategoriseer. Sodoende is kwalitatiewe data aangevul. In die lig hiervan is die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsontwerpe integraal hanteer om 'n groter verskeidenheid besonderhede te verleen. Die vraelys-metode was 'n handige navorsingsmetode vir die kombinasie van primêre kwantitatiewe en kwalitatiewe data. Deur middel van die geslote vrae is kwantitatiewe data rakende die beurswenners se prestasies en loopbane ingesamel. Die oop vrae in die vraelys is oorwegend kwalitatief en het gepoog om die beurswenners se menings, indrukke en ervarings rakende die Unisa Oorsese Musiekstudiebeurs vas te stel.

Waar nodig, is tabelle en grafieke gebruik om die verskillende persentasies van die deelnemers se antwoorde op 'n eenvoudige wyse uit te beeld. Omdat die studie meer kwalitatief van aard is, is die statistieke bloot van belang vir 'n grafiese uiteensetting van feite en is wiskundige analise nie van toepassing nie.

Die respondente se antwoorde is in die volgende kategorieë geklassifiseer:

- beurswenners wat hulle na afloop van hul studie in professionele musiekloopbane gevestig het,
- beurswenners wat ’n ander rigting ingeslaan het, maar deels ’n musiekloopbaan volg,
- beurswenners wat die musiekbedryf verlaat het,
- beurswenners wat permanent na Suid-Afrika teruggekeer het om ’n musiekloopbaan te volg,
- beurswenners wat nooit teruggekeer het nie, maar wel by tye na Suid-Afrika teruggekeer het en bydraes gelewer het,
- verskillende musiek-verwante loopbane wat gevolg is op internasionale gebied,
- verskillende musiek-verwante loopbane wat gevolg is in Suid-Afrika,
- beskikbare werksgeleenthede in Suid-Afrika vir beurswenners
- die bydraes wat die beurswenners elk gelewer het en
- werksgeleenthede wat die beurswenners se loopbane beïnvloed het.

Fase drie het die kwalitatiewe analise van die ingesamelde inligting behels. Sodoende is oorvleuelende patrone in beurswenners se loopbane en ook hul ervarings, opinies en aanbevelings rakende Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs ondersoek. Die aard van die beurswenners se bydraes in Suid-Afrika is ondersoek. Besprekings van die antwoorde is nie noodwendig in die volgorde van die vrae in die vraelys nie.

Volgens Henning *et al.* (2004: 101) lê die groot toets van kwalitatiewe analise by die ontleding van data, ’n proses wat insig verg en die vermoë om data in ’n narratiewe vorm te kan oordra. Kwalitatiewe analise is ’n basiese metode waar die data saamgestel word om ’n algehele indruk te vorm. Daarvolgens is sinne of frases wat deur die respondente gebruik is, saamgegroepeer. Hierdie proses word kodering genoem (Henning *et al.* 2004: 104). Na kodering was dit belangrik om die geheelbeeld te sien (Henning *et al.* 2004: 106). Derhalwe is gekyk na die verhouding tussen die kategorieë, hoe die kategorieë verband hou met die navorsingsvraag en ook hoe die kategorieë verband hou met die nagevorsde literatuur.

Met geldigheid en betroubaarheid in gedagte, is die vraelys as ’n proeflopie aan ’n aantal oudmusiekstudente van die Universiteit van Pretoria gegee. Hierdie oudmusiekstudente

sluit in tydgenote van die navorser tot studente wat 30 jaar gelede hul studie afgehandel het. Dit was dus aan die navorser duidelik dat die vraelys maklik verstaanbaar is en die nodige inligting aan die navorser sou besorg.

Ter wille van volledigheid het die navorser, nadat die analise van die data voltooid was, die resultate aan ’n persoon wat baie kennis dra in verband met die ontleding van grafieke voorgelê. Hierdie persoon het geen vooropgestelde idees oor die moontlik uitkoms van die studie gehad nie en het die voorgestelde analise bevestig. Op hierdie manier het die navorser gepoog om die geldigheid en betroubaarheid van die studie te maksimaliseer.

Om aan die etiese vereistes te voldoen, is die vraelyste saam met ’n inligtingsbrief en ’n toestemmingsbrief gepos waarin die beurswenners deeglik ingelig word oor die aspekte van die huidige studie. Die inligingsbrief verduidelik wat die studie behels. Die toestemmingsbrief stip voorwaardes uit en dien as bewys dat die beurswenners vrywilliglik deelgeneem het aan die studie. Die deelnemers is verseker dat alle inligting en korrespondensie vertroulik hanteer sal word.

’n Mens se daaglikse ervaringe beïnvloed gedurig houdings oor loopbaankeuses, motivering en deursettingsvermoë. Mense se perspektiewe verander daagliks en gevolglik word die verlede anders beoordeel. Prestasies wat die beurswenners voorheen as belangrik geag het, mag dalk vandag as onbelangrik beskou word. Dit kan dus gebeur dat onlangse gebeurtenisse in die deelnemer se lewe sy/haar interpretasie van lank gelede se gebeurtenisse beïnvloed. Omdat die deelnemers hul herinneringe so lank as 30 jaar van die verlede moes oproep is dit onvermydelik dat die navorsingsontwerp aan die moontlike verlies aan geheue onderwerp is (Burland 2005: 59). ’n Voordeel wat ’n terugskouende navorsingsvraelys tegelyk inhou, is dat die deelnemers insiggewende antwoorde kan bied oor hul loopbane (Burland 2005: 59).

## 1.8 Terminologie

Vir die doel van die studie is dit belangrik om die volgende terme te definieer:

- **Professionele musikus**

'n Persoon wat deur middel van musiek sy/haar totale inkomste verdien. 'n Ekstensiewe definisie van 'n professionele musikus word in hoofstuk vier gegee.

- **Amateur musikus**

'n Persoon wat musiek beoefen maar nie 'n inkomste daardeur verdien nie. Dit beteken egter nie dat die persoon noodwendig swakker kwaliteit musiek maak of dat hy minder vaardig in sy instrument is as 'n professionele musikus nie (Burland 2005: 60).

- **Uitvoerende kunstenaar**

'n Kunstenaar wat op 'n gereelde basis sy kunsvorm beoefen, hetsy dit musiek, drama, dans of enige ander vorm van kuns is. Die kunstenaar lewer konserte voor verskillende gehore.

- **Musiek**

Wanneer daar in hierdie mini-verhandeling van musiek gepraat word, kan die leser aanvaar dat die navorser na Westerse kunsmusiek verwys, tensy die navorser dit anders sou aandui.

- **Musiekbedryf**

Die musiekbedryf is die spesifieke veld waarin 'n persoon studeer onder die term, musiek. Voorbeelde hiervan is musiekvoordrag, koorafrigting, musiekopvoeding, musieksielkunde, musiektegnologie, musiekterapie en musiekteorie (Van Heerden 2007: 13).

- **Musikale invloed**

Daar is 'n groot verskeidenheid van musikale invloede betrokke op die musiekgebied. Voorbeelde hiervan is die verskillende kulture, persoonlikheidsaspekte en persoonlike opinies (Van Heerden 2007: 13).

- **Formele musiekonderrig**

Van Heerden (2007: 13) beskryf formele onderrig as ’n proses waar kennis in ’n formele opset oorgedra word byvoorbeeld by ’n universiteit. In ’n formele opvoedkundige omgewing neem musici wat self formele onderrig ontvang het die verantwoordelikheid om hul kennis oor te dra sodat studente se kennis kan toeneem op ’n spesifieke gebied. Formele onderrig sluit in die oordrag van vaardigheid (byvoorbeeld tegnieke om te sing of ’n instrument te bespeel) en stilistiese kennis.

- **Informele musiekonderrig**

Informele musiekopleiding kan gedefinieer word as die alledaagse musieklewe wat kennis aan ’n persoon oordra en so ’n invloed op hom/haar het. Voorbeelde hiervan is die musiek wat gehoor word deur mondelingse oordrag, tradisie, media, skool, radio ens. Aspekte wat ’n invloed kan hê sluit in kultuur, familie, politiese agtergrond, toegang tot formele onderrig, fisiologie en sielkunde (Van Heerden 2007: 13).

- **Suksesvolle musiekloopbaan**

’n Loopbaan waar die musikus op ’n artistieke vlak sy volle potensiaal bereik, ander inspireer en terselfdertyd ’n inkomste genereer.

- **Veelvuldige musiekloopbaan**

’n Loopbaan waar die musikus ’n inkomste verdien vanaf meer as een bron, soos om deel te wees van ’n orkes, onderwys en solo opvoerings.

# HOOFSTUK 2: Literatuurstudie

## 2.1 Inleiding

Navorsing oor die agtergrond, opleiding en loopbane van professionele musici word toenemend gedoen (Bennett 2008: 7). Gegradueerde studente wat bestudeer word, is dus nie ’n nuwe navorsingsgebied nie. Inisiatiewe op dié gebied is geneem deur verenigings soos die International Society for Music Education (ISME), Performing Arts Learning and Teaching Innovation Network (PALATINE) en die European Association of Conservatories (AEC). Om die loopbane van professionele musici te bestudeer, sal daar in hierdie literatuurstudie na sommige van hierdie verenigings se bevindings gekyk word. Die studie vereis ’n ontleding van die begrip “professionele musikus”. Verskeie bronne is gevolglik geraadpleeg om ’n omvattende beskrywing en beeld van die term te kry. Vanweë die integrale deel wat onderwys in die musiekbedryf vorm, word ’n bondige opsomming daarvan verstrek. Voortvloeiend hieruit word die invloed van formele- en informele musiekopleiding op professionele musici se loopbane ondersoek. Aanvullend word ander wyses van inspirasie vir ontwikkelende musici bespreek en ten slotte word gekyk na die bydraes wat kompetisies en beurse tot die loopbaan van ’n musikus kan bring.

## 2.2 Die loopbane van uitvoerende musici

In 2007 het Rineke Smilde ’n toespraak gelewer op die AEC Konferensie te Straatsburg. In haar toespraak het sy die uitslag van een van Polifonia se navorsingsprojekte weergegee. Polifonia is ’n navorsingsnetwerk wat deur die AEC en die Royal College of Music (RCM) gekoördineer word. Hierdie navorsing is gedoen vanaf 2004 tot 2007 en het, onder die titel *Trends and Changes in the European Music Profession*, gefokus op die toestand van musiek in Europa. Die navorsing het getoon dat die musiekbedryf mettertyd al hoe meer kompleks raak en dat permanente, gespesialiseerde werksgeleenthede vir musici al hoe minder word. Baie gegradueerde studente se loopbane bestaan uit vryskutwerk in verskillende musiekgebiede. Die Polifonia-navorsingsgroep het die musiekprofessie in drie groepe verdeel (Smilde 2007: 5), naamlik:

- die kern-musikus
- ’n professie wat musiek as belangrikste vaardigheid vereis
- ’n professie wat musiek as ’n toevoegsel tot ’n ander vaardigheid vereis.

Voorbeelde uit die eerste groep is ’n voordraer, dirigent, komponis, musiekonderwyser, gemeenskapsmusikus (’n musikus wat werkswinkels aanbied in mediese sorgeenhede, tronke, ens) en ’n kerkmusikus. Voorbeelde uit die tweede groep sluit in ’n musiekwetenskaplike, musiekbestuurder, musiekterapeut, klankingenieur en musiekuitgewer, terwyl die laaste groep die musiekkritikus, musiekaanbieder of ’n instrumentvervaardiger insluit.

Van Heerden (2007: 34) tref ietwat ander onderskeidings in haar verhandeling se vyf kategorieë in die musiekbedryf, naamlik:

1. Die musiekakademikus (etnoloë, opvoedkundiges, terapeute, sielkundiges, en tegnoloë)
2. Dirigente (koor, ensemble en orkes)
3. Navorsers (in alle musiekvelde)
4. Die private sektor (musiekbestuurders)
5. Voordraers.

Rick Rogers (2002: 4) beweer in sy verslag *Youth Music: Creating a Land with Music* dat ’n hedendaagse musikus ’n verskeidenheid loopbaanrolle moet kan vervul. Hierdie loopbane verskil en beslaan ’n wyer veld as die rolle van voordraer en komponis. In die verslag word meer as 50 verskillende multi-verwante rolle of vaardighede geïdentifiseer. Die verskillende rolle is vereenvoudig tot vier hoofareas, naamlik dié van ’n komponis, voordraer, onderwyser en musiekleier. Die oorvleueling van die verskillende rolle maak dit moeilik om ’n akkurate prentjie van die musiekbedryf te skilder, maar dra terselfdertyd by tot die ontwikkeling van die musiekbedryf deurdat volwasse musici mekaar sowel as jonger musici vanuit verskillende areas kan beïnvloed. Skole, byvoorbeeld, baat baie by professionele uitvoerende musici wat betrokke is by hul werkswinkels, onderwys en leiding (Rogers 2002: 8).

Bennett (2008: 45) onthul in haar boek die uitslag van ’n Metier-musieksektor se studie in Londen. Navorsing toon dat 81% van musici ’n sekondêre loopbaan het, en 41% het meer as twee loopbane. ’n Opname deur die RCM het die volgende inligting getoon (Bennett 2008: 45):

**Tabel 2-1: Persentasie van RCM Alumni wat veelvuldige loopbane het**

| Indiensnemingseienskappe | 1979 (%) | 1995 (%) |
|---|---|---|
| Enkele werk | 71 | 28 |
| Veelvuldige werk | 29 | 72 |

Die *Higher Education Statistics Agency* (HESA) het ’n vraelys aan alle gegradueerders van die Verenigde Koninkryk (VK) en die Europese Unie (EU) gestuur. Ongeveer 80% gegradueerdes het terugvoer gegee en die data is deur die Palantine Projek (2003: 1) geanaliseer en opgedeel in twee afdelings. Die eerste afdeling, statistieke, dui die bestemmings van gegradueerdes ses maande na hul studie aan.

**Tabel 2-2: Bestemming van gegradueerders ses maande na hul studie**

| **Bestemming** | 1998–1999 | 1999–2000 | 2000–2001 |
|---|---|---|---|
| In diens geneem | 51,4 % | 53,1 % | 52,3 % |
| Onderneem studie/ opleiding | 39,0 % | 37,6 % | 37,7 % |
| Aanvaar as werkloos | 3,3 % | 4,1 % | 4,9 % |
| Nie beskikbaar vir indiensneming/ander | 6,3 % | 5,2 % | 5,1 % |

(Eie vertaling)

Die tweede afdeling, inligting, toon dat ongeveer 13% gegradueerde musici voordrag-verwante beroepe volg in die eerste jaar na hulle formele studie, 8% word onderwysers (in dans of musiek) en 74% volg ’n ander beroep[1].

’n Organisasie saamgestel deur die Verenigde Nasies, die United Nations Education, Scientific and Cultural Organization (UNESCO), het in 1997 bevind dat 25% tot 50% van

[1] Die navorsing sluit ander vorme van uitvoerende kunste buiten musiek in.

die wêreld se musici in alle dissiplines voltyds in diens geneem is. Musici sukkel egter oor die algemeen om hulself finansieel te onderhou en is daarom genoodsaak om 'n bykomende werk te kry (UNESCO 1997: 4). Daar is ook gevind dat die aantal permanente werksgeleenthede afneem, terwyl die aantal professionele musici toeneem (UNESCO 1997: 9).

In die Verenigde State van Amerika (VSA) versamel die *College Music Society* (CMS) en *National Association of Schools of Music* (NASM) jaarliks data rakende hul gegradueerdes. CMS het in 2001 gerapporteer dat meer as die 50% van hul gegradueerde musiekvoordragstudente suksesvol in diens geneem is (Bennett 2008: 80). Die data toon dat slegs 13% van die VSA se gegradueerdes professionele uitvoerende musici word. In 2000 is daar gevind dat ten minste 27% van die Juilliard-skool in New York se gegradueerdes van 1994 die musiekbedryf verlaat het (Bennett 2008: 81).

Uit 300 alumni wat in 2003 deur die RCM in die Verenigde Koningkryk genader is, is gevind dat die meerderheid steeds in die musiekbedryf betrokke is. Vyf het hul musiekloopbaan laat vaar, maar doen steeds hier en daar vryskut konserte (Palantine 2003: 2).

Uit die literatuur wat nagevors is, is dit duidelik dat die musiekprofessie 'n komplekse bedryf is. Musiek bied 'n aantal vertakkings waarin 'n musikus kan spesialiseer, maar ten einde 'n suksesvolle musiekloopbaan vol te hou, moet 'n musikus oor 'n verskeidenheid vaardighede beskik.

## 2.3 Omskrywing van 'n professionele musikus

By die oorweging van bogenoemde statistieke, is dit belangrik om op hierdie punt eers die omskrywing van die begrip 'professionele musikus' te gee. Bennett (2008: 1) het vasgestel dat 'n professionele musikus onder die algemene publiek beskou word as iemand wat musiekuitvoerings gee. Sy is egter van mening dat 'n musikus inderwaarheid enige iemand kan wees wat binne die musiekprofessie werk (Bennett 2008: Preface).

Debora Smith (1995: 27) gee drie eienskappe wat algemeen verstaan word wanneer daar van ’n professionele musikus gepraat word, naamlik dat die persoon uitvoerend is, dat die persoon betaal word vir sy of haar dienste en dat die persoon ’n groot hoeveelheid tyd aan musiekvoordrag bestee.

In die Noord-Amerikaanse konteks bestaan die konsep dat kwaliteit en vaardigheid belangrike eienskappe van ’n professionele musikus uitmaak. Individue wat sukses behaal in musiekuitvoerings toon verder dat hulle oor die nodige talent en kennis beskik. Die verhouding tussen die sukses en talent van ’n voordraer bepaal die publieke persepsie oor hoeveel kennis die individu besit. Volgens navorsers is ’n professionele musikus dus iemand wat voorheen formele onderrig ontvang het en vir sy dienste betaal word (Smith 1995: 30).

’n Ware kunstenaar is dus nie die een wat slegs oor die nodige talent beskik nie, maar die een wat sy of haar talent met intellek kombineer deur middel van studie en ondervinding wat in meeste gevalle baie jare in beslag neem. Die Amerikaanse pianis Olga Samaroff (Cooke 1999: 335), meen dat ’n intellektuele uitvoerder, met ander woorde ’n uitvoerder wat formele onderrig ontvang het, dalk die nodige “vonk” in sy of haar spel mag kortkom, maar dat ’n uitvoerder wat wel die “vonk” het, steeds die formele onderrig nodig het om ’n hoë kwaliteit uitvoering te gee.

Uit die statistieke is dit duidelik dat musici wat ’n bestaan maak uit slegs optredes as sodanig skaars is. Daarom is dit onvermydelik dat alternatiewe uitvoerende loopbane, byvoorbeeld orkes en kamermusiekspel, ook in ag geneem moet word wanneer professionele musici ter sprake kom. In 2001 is ’n opname in Brittanje gehou onder 498 orkeslede. Die uitslae het bewys dat orkeswerk geestelik uitmergelend kan wees. Die roetine van orkesoefeninge, ongewone werksure en ’n tekort aan persoonlike oefentyd dra daartoe by (Bennett 2008: 18). Volgens UNESCO se verslag (1997: 4) neem die aantal vryskut musici in orkeste toe. ’n Studie in Duitsland het gewys dat daar gemiddeld 200 tot 300 aansoeke gedoen word vir een opening in ’n orkes. Hierdie syfers dui aan hoe groot die kompetisie onder musici is vir ’n permanente pos (Burland 2005: 52). Tog soek orkeslede dikwels ook ’n alternatiewe, of bykomende, beroep soos onderwys, besigheidswerk en gemeenskapsdiens (Bennett 2008: 47). In Nederland het Laura Hölzenspies (2009: 8) gevind dat die meeste musici hul tyd aan kamermusiek bestee

(42%). Drie en twintig persent wy hul tyd aan orkesspel en 19% tree as soliste op. Die minderheid is betrokke by verpligtinge soos opera, koormusiek en teater.

Daar kan aanvaar word dat musici gereeld tussen verskillende werksverpligtinge roteer. Dit is daarom onrealisties om ’n professionele musikus alleenlik as ’n uitvoerende musikus te definieer, maar eerder as iemand met ’n afgeronde musiekopleiding, wat op ’n professionele vlak in die musiekbedryf werksaam is en in sy of haar gebied ’n inkomste verdien.

## 2.4 Musiekonderwys en die professionele musikus

Die mees algemene beroepsaktiwiteit vir ’n musikus naas uitvoerende voordrag is onderwys, veral in die privaat praktyk (Hölzenspies 2009: 7). In 1991 het Elyse Mach twee volumes saamgestel van onderhoude met wêreldberoemde konsertpianiste. Die uiteenlopende lewenstyle van die verskillende kunstenaars is opgeteken en dit is ooglopend dat die meeste van hulle buiten hul uitvoerings ook onderrig gee. Vir iemand wat net begin met ’n musiekloopbaan en nog nie baie sukses behaal het nie, is die fooi vir ’n uitvoering in Engeland te min om ’n bestaan van konserte alleen te maak. Om te oorleef, is die kunstenaar gewoonlik verplig om studente te onderrig vir ’n vaste inkomste. Lesgee neem tyd wat aan oefen bestee kon word, en so word die jong musikus in die daaglikse siklus van lesgee vasgevang (Mach 1991a: 201).

Volgens die wêreldberoemde pianis Janina Fialkowska is dit in die VSA makliker as elders in die wêreld om ’n bestaan as uitvoerende kunstenaar te maak. Fialkowska vertel hoe sy aanvanklik moes lesgee, maar later het haar konserte in Amerika toegeneem en kon sy haarself finansieel van die onderwys losmaak (Mach 1991b: 88). Alfred Brendel (Mach 1991a: 31) veronderstel dat lesgee deel is van enige uitvoerende kunstenaar se lewe. John Browning (Mach 1991a: 48) gee ook meesterklasse. Hy vertel dat hy nooit daarvoor beplan het nie, maar dat sy lesse begin toeneem het nadat hy gevra is om meesterklasse aan te bied in Tanglewood, Kent State en later in Ravinia. Daarna het hy net nooit opgehou lesgee nie. Beroemde pianiste wat ook onderrig gegee het, is onder andere Murray Perahia, Zoltán Kocsis, Stephen Hough, Misha Dichter en Rosalyn Tureck (Mach 1991).

Hierdie voorbeelde toon aan dat musiekonderwys as 'n integrale deel van die uitvoerende musikus se musiekloopbaan beskou kan word.

## 2.5 Die invloed van formele musiekonderrig

Die invloed wat onderwysers op jong musici uitoefen, is oorweldigend (Bernstein 1995: 126). Dit word gestaaf deurdat die meeste pianiste wat Mach in haar twee volumes bespreek, hul onderwysers as die grootste invloed op hul lewens beskou (Mach 1991). In die onderhoud met Daniel Pollack (Bachus 2010: 13) erken hy ook dat sy studie onder Rosina Lhévinne 'n groot bydrae tot sy eie sukses gelewer het. (Mme Lhévinne het as 'n uitstekende pianis aan die Moskouse Konservatorium bekend gestaan.) Volgens Ernest Hutcheson (Cooke 1999: 322) is daar 'n groot behoefte aan onderwysers wat nie net skryf oor onderwysmetodes nie, maar wat deur eie ervaring en ondervinding kan onderrig. Claudio Arrau (Mach 1991a: 2) glo dat intuïsie en talent alleen nie genoeg is vir 'n suksesvolle loopbaan nie, maar dat die leiding van 'n onderwyser noodsaaklik is vir musikale ontwikkeling. Janet Ritterman (Mach 1991b: 74) stel dat goeie onderwysers help om studente te verbeter en gevolglik kan dieselfde studente later selfs beter onderwysers word. Dit lei tot hoër uitvoerende standaarde en nóg beter opvoeding. Estelle Marié van Heerden (2007: 56) meld in haar verhandeling dat musici se blootstelling aan globale musiek en toegang tot formele onderrig die mees invloedryke aspek van musikale ontwikkeling is en dat musiekonderrig as 'n aktiewe bestanddeel by die vorming van professionele musici en hul loopbaankeuses beskou moet word (Van Heerden 2007: 30). Volgens haar studie (2007: 48) speel die toeganklikheid tot formele onderrig 'n noodsaaklike rol in die vorming van professionele musici. Emil Sauer (Cooke 1999: 244) onderskryf hierdie mening en beveel aan dat jong musici oorsee moet gaan vir verdere studie, al beskik hul moederlande oor die wêreld se beste onderwysers. Hy meen dat die oorsese studie jong musici se opleiding verbreed.

Wat musiekskole betref, bestaan daar 'n verskeidenheid opsies vir 'n musiekstudent wat besluit om oorsee verder te studeer. Gewilde musiekskole is onder andere die *Royal College of Music, Royal Academy of Music* en *Guildhall School of Music and Drama* in Londen, *Royal Northern College of Music* in Engeland*, Birmingham School of Music,*

*Royal Scottish Academy of Music* in Glasgow, *St Petersburg Conservatory, Moscow Conservatory of Music* en *Juilliard School of Music* in Amerika (Franklin 1960: 50)[2]. Die invloed van verskillende musiekskole is opvallend onder uitvoerende kunstenaars. Rudolf Firkunšný (Mach 1991a: 85) vertel dat daar baie verskillende metodes van voordrag bestaan, byvoorbeeld die Russiese skool wat 'n "robuuste" manier van speel het soos tipies by Sergei Rachmaninoff en Peter Ilich Tchaikovsky. Hy meen dat die Franse skool daarteenoor 'n styl bevorder wat liggies, skoon en elegant (*light and airy, elegant and clean*) is en aansluit by komponiste soos François Couperin, Claude Debussy en Camille Saint-Saëns. Dan is daar die Leschetizky-metode wat die beweging van die hele liggaam beklemtoon. Vladimir Ashkenazy (Mach 1991a: 17) en Firkunšný (Mach 1991a: 85) maak dus onderskeidelik waardige stellings met die volgende: "Consequently, any pianist might develop an individual style of playing based on what his teacher directed him to do" en "There have always existed favorite artists with a great following, and nothing in this respect has changed much today."

'n Goed ontwikkelde 'spesie' het 'n langer tydperk nodig het vir groei van jeug tot volwassenheid. Die ontwikkeling van 'n kunstenaar vereis daarom baie jare van behoorlik georganiseerde werk en ervarings. Stimulerende omstandighede is ook uiters noodsaaklik om hierdie ontwikkeling stadig en deeglik te laat plaasvind. Sodoende word oppervlakkige sukses nie ten koste van 'n soliede basis bevorder nie.

## 2.6 Die invloed van informele musiekonderrig

Ander aspekte van die vorming van musici wat groot invloed op hul loopbane het, kan as informele musiekonderrig beskou word en sluit gebeure soos konsertuitvoerings, opnames en televisie-uitsendings van professionele musici in. Arrau (Mach 1991a: 3) vertel hoe hy na spesiale uitsendings op televisie gekyk het as deel van sy opvoeding. Brendel (Mach 1991a: 29) meen hy het baie gebaat deur die uitvoerings van Arthur Rubenstein, Wilhelm Kempff, Edwin Fischer en Alfred Cortot. Hy het ook baie van dirigente en sangers geleer ten opsigte van interpretasie.

[2] Die lys van musiekskole is nie volgens voorkeur nie en is in geen spesifieke volgorde nie. Die skrywer is daarvan bewus dat daar ander skole van dieselfde standaard, of selfs beter, bestaan.

Burland (2005: 92) het in haar studie bevind dat Kollege studente deur 'the greats' geïnspireer was. Met 'the greats' verwys sy na suksesvolle professionele musici. Die studente het vertel hoe hulle gemotiveer word deur die goeie kwaliteit van 'n professionele musikus se spel. Een van die deelnemers het na 'n professionele konsert op die volgende wyse gereageer:

> That was the first time I'd like listened to trumpet professionally played, and I think that was quite, you know, inspiring, to think, wow, maybe I could sound like that one day (in Burland 2005: 93).

Alhoewel hierdie ervaring vroeg in die deelnemer se ontwikkelingsjare plaasgevind het, het sy lank na die tyd nog daarna terugverwys as 'n beslissende oomblik in haar lewe.

Jong studente kies elkeen sy/haar persoonlike rolmodelle uit die professionele musiekwêreld en streef voortdurend daarna om dieselfde standaard van toonkunstenaarskap in sy/haar eie musiek te bereik. Sodoende vorm die student idees oor die tipe musici wat hulle eendag wil wees. Burland (2005: 92) het vasgestel dat informele opvoeding 'n toereikende invloed kan hê op 'n leerder se loopbaansbesluit.

Onmiskenbare voorbeelde van verdere informele onderrig is onder andere ouers, vriende, musiekinstansies en 'n student se verhouding met sy/haar musiekonderwyser.

Voorts het navorsing getoon dat dit vir begaafde leerders belangrik is om omring te word deur ewe begaafde leerders om vier redes. Eerstens benodig die betrokke leerder die kameraadskap van ander wat kan deel in sy/haar vermoëns en emosionaliteit. Tweedens dien dit as stimulasie en motivering, en derdens moet die leerder vinniger as die 'normale' spoed vorder om by te hou. Laastens kan rolmodelle wat naastenby dieselfde ouderdom as die leerder is 'n groter invloed op hom/haar uitoefen as enige meester op die veld (Burland 2005: 22).

Burland (2005: 21) som die rol van onderwysers en musiekskole op op drie toepaslike maniere:

1. Behalwe vir die ouers se ondersteuning, speel onderwysers ’n belangrike rol in die voorsiening van tegniese vaardighede, kennis, motivering en verdere ondersteuning;
2. Die aard van die musiekonderwyser se persoonlikheid is belangrik in die verskillende fases van die student se ontikkeling;
3. Musiekskole kan ’n positiewe en/of ’n negatiewe invloed op die student hê, alhoewel navorsing op hierdie gebied yl is.

’n Student se besluit om ’n musiekloopbaan te volg vind meestal plaas op hoërskool wanneer die student die vatbaarste is vir kulturele en musikale invloede. Dieselfde invloede duur voort tydens tersiêre opleiding wanneer die student selfstandige besluite begin neem oor watter tipe musikus hy/sy wil word (Van Heerden 2007: 22). Die sukses wat die student dan verder in sy loopbaan behaal blyk verband te hou met sy innerlike motivering en persoonlike identifisering met musiek.

## 2.7 Beurse en kompetisies

Vir die doeleindes van die huidige studie ag die navorser dit belangrik om professionele musici se menings oor die rol van beurse en kompetisies te bestudeer.

Hough (Mach 1991b: 150) het geglo dat daar tydens sy professionele jare meer geleenthede as gedurende sy opvoedingsjare vir uitvoerende musici was. Vir ’n middelklas musikus is studiebeurse nodig om alternatiewe professionele opleiding elders te kan bekostig. Daar was volgens hom ’n groot aanvraag vir konserte, ’n groot hoeveelheid beurse en nog meer musiekkompetisies. Paul Badura-Skoda se lewensverhaal is ’n voorbeeld van hoe ’n beurs ’n verskil kan maak in ’n musikus se lewe. Hy getuig dat sy liefde vir klaviermusiek en musiekonderrig gedeeltelik te danke is aan die feit dat hy in 1947 ’n beurs gewen het om in Switserland by Edwin Fischer meesterklasse te ontvang. Hierdie ondervinding verteenwoordig volgens hom ’n groot keerpunt in sy lewe. Fischer se invloed op Badura-Skoda was uiters waardevol en toe Fischer se gesondheid later agteruit gegaan het, het Badura-Skoda sy meesterklasse oorgeneem. Self het Badura-Skoda ’n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van jong musici se loopbane (Mach 1991b: 2-3).

Kompetisies is 'n algemene verskynsel van vandag se lewe. Dit is deel van die mensdom se kultuur en is 'n middel waardeur ons ons persoonlike standaarde verhoog en onsself in staat stel om op hoë vlakke te presteer (Alink 1988: 5).

Navrae oor kompetisies het getoon dat die meeste musiekkompetisies daarna streef om nuwe talent te ontdek en om jong musici te ondersteun om 'n suksesvolle musiekloopbaan op die been te bring (Alink 1988: 4). Michael Johnson (2010: 20), 'n joernalis en voormalige beoordelaar van die Londen se Internasionale Klavierkompetisie, stel in sy artikel dat daar vandag meer as 750 internasionale kompetisies in die wêreld bestaan in vergelyking met slegs 114 in 1990. As gevolg van hierdie groot toename in internasionale kompetisies verloor die kompetisies hul impak en sal die wen van 'n kompetisie nie 'n musiekloopbaan kan verseker nie. Kleinskaalse kompetisies word gestig om as voorbereiding te dien vir groter kompetisies. Sulke kompetisies kan dien as 'n voorlopige kompetisie of as 'n oefenlopie vir die deelnemers om hul programme onder kompeterende omstandighede deur te speel (Alink 1988: 6).

So vroeg as 1988 is gereelde studies en konferensies gehou om te bepaal of musiekkompetisies 'n positiewe invloed op die ontwikkeling van jong musici se loopbane het, byvoorbeeld die European Piano Teachers Association (EPTA) en die European String Teachers Association (ESTA). In die artikels wat deur hierdie verenigings gepubliseer is, dui die gevolgtrekkings daarop dat kompetisies definitief negatiewe kenmerke het. Tog word daar gevind dat kompetisies al hoe meer 'n essensiële deel vorm van 'n musiekloopbaan (Alink 1988: 5). Fransi Phillips (2010) stel in haar artikel dat dit onmoontlik is om musiek (of enige kuns) objektief te meet, tog ontgin musiekkompetisies blootstellingsmoontlikhede aan jong kunstenaars en lok dit 'n gehoor wat andersins nie na klassieke musiek sou luister nie. Sy meen dat 'n internasionale kompetisie in geïsoleerde lande, byvoorbeeld Suid-Afrika, 'n waardevolle geleentheid bied aan die publiek en musici om na wêreldklas deelnemers te luister.

Charles Rosen (2002: 102) wys daarop dat kompetisies 'n musikus se repertorium beperk. Hy skryf dat jong deelnemers slegs fokus op die sogenaamde 'oorlogperde' soos Brahms, Rachmaninoff, Chopin en Beethoven. In sy mening kan 'n musikus nie 'n suksesvolle musiekloopbaan met sulke werke volhou nie. Volgens Daniel Pollack (Bachus 2010: 14) bied die topgehalte kompetisies 'n groot som prysgeld. Sommige wenners ontvang 'n

vleuelklavier, terwyl ander wenners by 'n reeks konserte moet optree. Pollack is van mening dat kompetisies op dié manier 'n jong musikus se musiekloopbaan kan afskop. Jorge Bolet (Mach 1991b: 25) meen dat kompetisies 'n ideale manier is om 'n musiekloopbaan op die been te kry. Kultuurleiers, besigheidverteenwoordigers en groot gehore word by populêre kompetisies gevind. Dit kan dus van onskatbare professionele waarde wees om die eerste prys by 'n internasionale kompetisie te wen, alhoewel die sukses vir 'n loopbaan moontlik slegs verseker kan word as dieselfde persoon in verskeie kompetisies presteer.

Kompetisies dra nie by tot die persoonlike en artistieke ontwikkeling van 'n jong musikus nie, maar wel deel vorm van 'n suksesvolle musiekloopbaan op die kort termyn. Op die lang termyn is alternatiewe maniere nodig vir loopbaanontwikkeling, soos radio, televisie, optredes by musiekfeeste, hulp van musiekverenigings, beskikbare studiegeleenthede en voldoende persreklame.

## 2.8 Samevatting

Terugskouend is dit duidelik dat 'n professionele musikus vandag nie meer as bloot 'n uitvoerende musikus gesien kan word nie. 'n Professionele musiekloopbaan stel groot uitdagings aan 'n musikus en vereis 'n wye spesialiseringsveld. Die meerderheid uitvoerende musici gee ook iewers in hul musiekloopbane musiekonderrig of is op een of ander wyse betrokke by die opvoeding van jong musici.

In 2001 rapporteer *College Music Society* (CMS) dat alhoewel meer as 50% van Amerikaanse musiekstudente wat in ‘n uitvoerende rigting gespesialiseer het suksesvol in diens geneem word, slegs 13% daarin slaag om professionele uitvoerende kunstenaars te word (in Bennett 2008: 80). In Nederland bevind Laura Hölzenspies (2009: 8) dat 42% van musici hul tyd aan kamermusiek bestee; 23% is orkesspelers, 16% is betrokke by vokale aktiwiteite soos opera en koor,terwyl slegs 19% tree as soliste optree.

In 2003 het die RCM in die Verenigde Koningkryk gevind dat die meerderheid van 300 alumni steeds in die musiekbedryf betrokke is. Vyf het hul musiekloopbaan laat vaar, maar doen steeds hier en daar vryskut konserte (Palantine 2003: 2).

Onderwysers, voordraers en musiekinstansies laat ’n groot indruk op hul studente. Topgehalte leiding en onderrig kan slegs deur iemand verskaf word wat die musiekprofessie verstaan en persoonlike ervaring het. Voorts speel informele musiekonderrig ’n rol by die ontwikkeling van professionele musici - jong volwassenes word dus deur vriende, familie, musiekinstansies, mede-studente, musiekonderwysers, radio, televisie en lewendige musiekopvoerings beïnvloed.

Musiekkompetisies en beurstoekennings vorm deel van die musieklewe. Studies het getoon dat musiekkompetisies verskeie voor- en nadele vir die deelnemers inhou. Alhoewel die groot hoeveelheid musiekkompetisies die indiwiduele reputasie aan elkeen verbonde verminder, kan die ondervinding om aan ’n kompetisie deel te neem bydra tot vername blootstelling en ’n moontlike suksesvolle musiekloopbaan.

# HOOFSTUK 3: Die beurswenners tussen 1970 en 2000

## 3.1 Inleiding

Die wenners van die Unisa Oorsese Musiekstudiebeurs word in hierdie hoofstuk gelys as agtergrond tot die studie. Die waarde van die beurs, asook die kwalifikasies van die respondente voor en na die Unisa Oorsese Musiekstudiebeurstoekenning word puntsgewys uitgelig. Verdere prestasies wat deel gevorm het van die respondente se loopbaansontwikkeling word ook genoem.

## 3.2 Tabel van die Unisa Oorsese-Musiekstudiebeurswenners

In tabel 3-1 word al die wenners asook die jaar waarin elkeen die beurs gewen het, uitgebeeld. Elkeen se instrument word ook genoem.

**Tabel 3-1: Beurswenners**

| | | |
|---|---|---|
| 1970 | Geen beurstoekenning | |
| 1971 | Mariaan Schwietering<br>Jürgen Schwietering | Fluit<br>Viool |
| 1972 | Marc Anthony Raubenheimer | Klavier |
| 1973 | Geen beurstoekenning | |
| 1974 | Albie van Schalkwyk | Klavier |
| 1975 | Henriëtte de Vries | Orrel |
| 1976 | Melanie Ann Horne | Klavier |
| 1977 | Manuel Escorcio | Sang |
| 1978 | Wessel van Wyk<br>Malcolm Nay | Klavier<br>Klavier |
| 1979 | Debra Lewkowicz | Klavier |
| 1980 | Marika Hofmeyr | Klavier |
| 1981 | Anton Nel | Klavier |
| 1982 | Paul van der Merwe | Hobo |
| 1983 | André Wessels | Orrel |
| 1984 | Ingrid van Zweel | Sang |

| | | |
|---|---|---|
| 1985 | Liesbeth Kurpershoek | Orrel |
| 1986 | Anneke van Heerden | Klavier |
| 1987 | Susan Mouton<br>Pieter Schoeman | Tjello<br>Viool |
| 1988 | Nicolene van der Walt | Klavier |
| 1989 | Anmarie van der Westhuizen | Tjello |
| 1990 | Petronel Malan | Klavier |
| 1991 | Catherine Foxcroft | Klavier |
| 1992 | Daniël-Ben Pienaar | Klavier |
| 1993 | Charlotte Potgieter | Viool |
| 1994 | Christopher Duigan | Klavier |
| 1995 | Robert Pickup | Klarinet |
| 1996 | Jonathan Oshry | Klavier |
| 1997 | Mark Nixon | Klavier |
| 1998 | Pierre-Jacques Joubert | Klavier |
| 1999 | Jeanne-Minette Cilliers | Klavier |
| 2000 | Anzel Gerber | Tjello |

## 3.3 Agtergrond van respondente

Die beurswenners wat internasionaal presteer is ’n bewys van die Unisa Oorsese Musiekstudiebeursbeoordelaars se vermoëns om wêreldklas-potensiaal in ’n kandidaat te identifiseer. Hul prestasies dui ook op die beurs se bydrae tot verdere ontwikkeling in so ’n kandidaat se loopbaan. Uit die teikengroep van 30 beurswenners, het 16 gereageer. Een respondent het egter net deur middel van ’n e-pos laat weet dat hy nie die beurs aanvaar het nie en sal ter wille van geldigheid nie in berekening gebring word nie. Die volgende respondente word bespreek: Mariaan Schwietering, Albie van Schalkwyk, Wessel van Wyk, Anton Nel, Paul van der Merwe, André Wessels, Ingrid van Zweel, Susan Mouton, Pieter Schoeman, Charlotte Potgieter, Christopher Duigan, Robert Pickup, Jonathan Oshry, Jeanne-Minette Cilliers en Anzel Gerber. Inligting is verkry vanaf web-bladsye, persoonlike gesprekke en die vraelys-response.

### 3.3.1 Mariaan Schwietering

- 1971: Ontvang beurs ter waarde van R1000,

- Musiekkwalifikasies verwerf voor beurstoekenning:
  - Geen,
- Musiekkwalifikasies oorsee verwerf na beurstoekenning:
  - Ontvang private praktiese onderrig in Londen vanaf 1971 tot 1973 onder leiding van William Bennett,
- Professionele loopbaanontwikkeling:
  - 1978: Deeltydse dosent aan Stellenbosch Konservatorium,
  - 1983: Gee deeltyds fluit- en blokfluitles by Springfield Musiekskool in Kaapstad,
  - Sedert 2002: Eksamineer jaarliks matriekmusiekleerlinge by verskeie privaat skole,
  - 2003: Aangestel as musiekhoof van Springflied Musiekskool.

### 3.3.2 Albie van Schalkwyk

- 1974: Ontvang beurs ter waarde van R2000,
- Musiekkwalifikasies verwerf voor beurstoekenning:
  - 1974: BMus (Uitvoerende Kuns),
- Musiekkwalifikasies oorsee verwerf na beurstoekenning:
  - 1976: Lisensiaat in klavierbegeleiding by Royal Academy of Music, Londen,
  - 1976: Lisensiaat in klaviersolo by Royal Academy of Music, Londen,
  - Sedert 2002: Besig met Doktoraal (Uitvoerende Kuns) by Universiteit van die Vrystaat,
- Professionele loopbaanontwikkeling:
  - 1981 – 1986: Maak opnames saam met nasionale en internasionale kunstenaars by die SABC Studios in Kaapstad,
  - Sedert 1986: Tree gereeld op as solis, speel concerto's saam met orkeste, speel in kamermusiek en as vokale begeleier in belangrike konsertsale nasionaal en internasionaal,

- 1987 – 1990: Dosent en later senior dosent in klavier by die Universiteit van Noord-Wes,
- 1991 – 1996: Senior dosent in klavier by die Universiteit van Kaapstad,
- 1997 – 2008: Senior dosent (klavier en kamermusiek) en later mede-professor en Departementshoof by die Universiteit van die Vrystaat,
- Sedert 1998: Rig jaarliks studente af en tree saam met internsaionale kunstenaars op by Neuberg International Kulturtage, Oostenryk,
- 2002 – 2003: Korrepetitor by die Universiteit van Salzburg, Oostenryk,
- 2002 – 2004: Dra voor in opera uittreksels,
- 2003 en 2007: Beoordeel SAMRO sangkompetisie,
- 2009 – 2010: Mede-professor in klavier en kamermusiek by Universiteit van Kaapstad,
- 2010: Verwerk die opera Hansel and Gretel vir twee klaviere en dra dit voor by die Tshwane University of Technology Operaskool,
- Is gereeld eksterne eksaminator vir finale jaar, Honneurs tot Doktorale studente by die Universiteite van Noord-Wes, Stellenbosch, Vrystaat en Pretoria,
- Bied af en toe meestersklasse aan pianiste, sangers en sangbegeleiers by die Universiteite van Pretoria, Noord-Wes en Kaapstad,
- Maak verskeie kamermusiek CD-opnames.

### 3.3.3 Wessel van Wyk

- 1978: Ontvang beurs ter waarde van R2000,
- Musiekkwalifikasies verwerf voor beurstoekenning:
  - 1977: LMus Onderwysdiploma by die Universiteit van die Witwatersrand,
  - 1978: Voordraersdiploma by die Universiteit van die Witwatersrand,
- Musiekkwalifikasies oorsee verwerf na beurstoekenning:
  - 1981: Voordraersdiploma by die Hochschule für Musik in Wene,
  - 1988: BMus in Musiekwetenskappe deur die Universiteit van Suid-Afrika,
  - 1991: MMus (Uitvoerende Kuns) by die Universiteit van Kaapstad,
  - 2001: DMus (Uitvoerende Kuns) by die Universiteit van Pretoria,
- Professionele loopbaanontwikkeling:

- 1981: Solo-uitvoering in Brahms Halle Musikverein, Wene, Oostenryk,
- 1982: Onderwyser in musiekteorie en klavier by Hoërskool Florida,
- 1983,1988: Solo-uitvoerings in die Staatsteater in Pretoria,
- 1983 – 1995: Voltydse dosent in klavier, musiekteorie en klaviermetodiek by die Universiteit van Pretoria,
- 1984, 1986, 1989: Concerto's saam met die Kaapstad Simfonie Orkes in Kaapstad, 1995: Met Harare City Orchestra in Harare,
- 1985: Solis en begeleier in die Ouditorium van Britse Skool, Brussels, België,
- 1988: Referaat vir ISME (*International Society for Music Education*),
- 1991: Concerto's in Durban en Pietermaritzburg,
- 1994: Solo-uitvoering in die Amadeus Hall in Munich, Duitsland,
- 1995: Concerto in die Harry Margolis Hall in Harare, Zimbabwe,
- 1996 – 2008: Senior dosent in klavier, klaviermetodiek en kamermusiek by die Universiteit van Pretoria,
- 1998: Lewer 'n referaat vir die SASMT (*South African Society for Music Teachers*),
- 1999: Voorsitter van beoordelaars vir die ATKV Prelude Kompetisie,
- 2001-2003: Kamermusiekuitvoerings in die ZK Matthews Saal en die Musaion in Pretoria;
- 2002: Meestersklasse by Kampala Music Academy, Uganda,
- 2003 – 2010: Bied meestersklasse aan by die jaarlikse Musiek verrykingskursus by die Universiteit van Pretoria; beoordelaar vir verskeie nasionale musiekkompetisies en kunswedstryde,
- 2006: Concerto in Stadsaal van Kaapstad en Endler Saal in Stellenbosch,
- 2007 – 2010: Lid van die Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniging-raad (FAK) se Musiekkommitee,
- Sedert 2009: Mede-professor in klavier, kamermusiek en klaviermetodiek by die Universiteit van Pretoria,
- Maak verskeie CD-opnames – kamermusiek en solo klavier.

### 3.3.4 Anton Nel

- 1981: Ontvang beurs ter waarde van R2000; ontvang ook 'n reistoekenning na 'n goedgekeurde oorsese musiekinrigting,

- Musiekkwalifikasies verwerf voor beurstoekenning:
  - Geen,
- Musiekkwalifikasies oorsee verwerf na beurstoekenning:
  - 1982: BMus by die Universiteit van Witwatersrand,
  - 1984: MMus by die Universiteit van Cincinnati,
  - 1986: DMus by die Universiteit van Cincinnati,
- Professionele loopbaanontwikkeling:
  - Sedert 1986: Gee jaarliks wêreldwye uitvoerings as solis, concerto's en kamermusikus in belangrike konsertsale in Kanada, Engeland (Queen Elizabeth en Wigmore Halls in Londen), Frankryk, Holland (Concertgebouw in Amsterdam), Japan (Suntory Hall in Tokyo), Korea en Suid-Afrika; verskyn gereeld op die paneel van plaaslike, nasionale en internasionale kompetisies byvoorbeeld die Cleveland Kompetisie, Naumburg Kompetisie ensovoorts,
  - 1986 – 1988: Professor in klavier en kamermusiek by die Universiteit van Texas, Verenigde State van Amerika (VSA),
  - 1988 – 1992: Professor in klavier en kamermusiek by die Eastman School of Music, VSA,
  - 1992 – 2000: Professor in klavier en kamermusiek by die Universiteit van Michigan, VSA,
  - Sedert 2000: Professor in klavier en kamermusiek by die Universiteit van Texas, VSA,
  - 2001: Aangestel as die 'Visiting Extraordinary Professor' by die Universiteit van Stellenbosch,
  - 2003: Voer Beethoven se concerto's op saam met Kaapstad se Filharmoniese Orkes,
  - 2010: Is die eerste voorsitter van die *Joe R and Teresa Lozano Long Endowed* in klavier by die University of Texas, VSA,
  - Neem solo klavier CD's op.

### 3.3.5 Paul van der Merwe

- 1982: Ontvang beurs ter waarde van R3500,
- Musiekkwalifikasies verwerf voor beurstoekenning:

- BMus by die Universiteit van Suid-Afrika,
- Musiekkwalifikasies oorsee verwerf na beurstoekenning:
  - 1982: Privaat onderrig in Bamberg en Munich, Duitsland,
  - 1985 – 1987: Student van die Herbert von Karajan Akademie van die Berlynse Filharmoniese Orkes,
- Professionele loopbaanontwikkeling:
  - 1982 – 1983: Deeltydse lid van die Bamberger Sinfoniker Orkes in Duitsland,
  - 1984: Lid van die SABC Simfonie Orkes,
  - 1985: Speel in Herbert von Karajan Academy van Berlyn Filharmoniese Orkes,
  - 1987: Leier van die hobo-seksie van die Landestheater Detmold Orkes in Duitsland,
  - Sedert 1988: Is aangestel as die leier van die hobo-seksie van die Noord-Duitse Radio Simfonie Orkes in Hamburg, Duitsland,
  - Sedert 1992: Bied meestersklasse in verskillende lande soos Japan, China, Amerika en Suid-Afrika,
  - 1992: Dosent in hobo by Hochschule Lübeck, Duitsland,
  - Sedert 2000: Professor in hobo by die Musikhochschule Hamburg in Duitsland.

### 3.3.6 André Wessels

- 1983: Ontvang beurs ter waarde van R10 000; ontvang ook 'n reistoekenning van 'n R1000,
- Musiekkwalifikasies verwerf voor beurstoekenning:
  - 1981: BMus (Uitvoerend) aan die Universiteit van Pretoria,
  - 1983: MMus in Musiekwetenskap by die Universiteit van Pretoria,
- Musiekkwalifikasies oorsee verwerf na beurstoekenning:
  - 1984: Begin studie aan Swansea Metropolitan University (Dallas, VSA), maar voltooi nie oorsese studie nie,
  - 1992: Voltooi Nasionale Jazz diploma by Tshwane Universiteit van Tegnologie,
- Professionele loopbaanontwikkeling:

- 1992: Lid van die musiekteater orkes by Sound Stage, Midrand,
- 1993: Lid van die musiekteater orkes by verskeie hotelle van United Arab Emirates, Theatre on the Bay in Suid-Afrika asook Sound Stage, Midrand,
- 1993 – 1994: Lid van die musiekteater orkes by die Wild Coast Sun en die Sandt Du Plessis Teater in Bloemfontein,
- 1994: Orkeslid in die Staatsteater in Pretoria,
- 1997: Lid van die musiekteaterorkes by Soundstage,
- Sedert 2003: Koormeester en orrelis vir die Brooklyn Methodist Church,
- 2004 – 2005: Lid van die Pretoria-simfonie orkes, tree op as solis en speel concerto's in die Aula en Stadsaal van Pretoria,
- 2004 – 2006: Gee privaat les in orrel en klavier, Pretoria,
- 2006 – 2011: Tree op as begeleier in belangrike konsertsale van Suid-Afrika,
- Neem CD's as begeleier vir sangers op.

### 3.3.7 Ingrid van Zweel

- 1984: Ontvang beurs ter waarde van R10 000,
- Musiekkwalifikasies verwerf voor beurstoekenning:
  - 1982: BMus by die Universiteit van Suid-Afrika,
- Musiekkwalifikasies oorsee verwerf na beurstoekenning:
  - Geen,
- Professionele loopbaanontwikkeling:
  - 1984 – 1986: Sing vir die Kaapse Provinsiale Raad vir die Uitvoerende Kunste (KRUIK),
  - Sedert 1984: Tree gereeld as solis op in Suid-Afrika in verskeie genres insluitend klassiek, rock, ligte musiek, jazz en blues,
  - 2000: Komponeer musiek vir die Poolse rolprent *Spirit of the Eland People*,
  - 2005: Stig twee sanggroepe, naamlik *Sweet Voice Masters* en *Bella Voce Africa*,
  - 2005 - 2008: Stig haar eie musiekskool in Pretoria,
  - Sedert 2009: Aangestel as musiekorganiseerder van NG Kerk Eldoraigne, Pretoria,
  - Beoordeel gereeld kunstefeeste,
  - Skryf gereeld eie liedere en maak CD opnames.

### 3.3.8 Susan Mouton

- 1987: Ontvang beurs ter waarde van R10 000,
- Musiekkwalifikasies verwerf voor beurstoekenning:
  - 1982: BMus by die Universiteit van Pretoria,
  - 1987: Voordraersdiploma by die Universiteit van Witwatersrand,
- Musiekkwalifikasies oorsee verwerf na beurstoekenning:
  - 1988: Ontvang meestersklasse in Europa,
- Professionele loopbaanontwikkeling:
  - 1987: Is aangestel as die leier van die tjello seksie van die Nasionale Simfonie Orkes,
  - Sedert 1987: Gee privaat tjello les aan studente,
  - 2000: Is aangestel as die leier van die tjello seksie van die Johannesburgse Filharmoniese Orkes, asook die *Chamber Orchestra of South Africa* (COSA),
  - Sedert 2000: Eksamineer vir Universiteit van Suid-Afrika,
  - 2001: Verskyn op die paneel van die Nasionale Strykerskompetisie,
  - Sedert 2009: Is betrokke by die Johannesburgse Filharmoniese Orkes akademie,
  - 2010: Gee deeltyds les by die Universiteit van Witwatersrand; verskyn op die paneel van die Internasionale Strykerskompetisie; bied meestersklasse aan by die Universiteit van Witwatersrand op gereelde basis,
  - Beoordeel af en toe 'n Eistedfodd,
  - Eksamineer af en toe vir die Universiteit van Pretoria.

### 3.3.9 Pieter Schoeman

- 1987: Ontvang beurs ter waarde van R10 000,
- Musiekkwalifikasies verwerf voor beurstoekenning:
  - Geen,
- Musiekkwalifikasies oorsee verwerf na beurstoekenning:
  - 1990: BMus by die Universiteit van Suid-California,
  - 1992: Voordraersdiploma by Sinu, Dallas,

  - 1993: Voordraersdiploma by Manhattan School, New York,
  - 1994: Voordraersdiploma by Indiana University,
- Professionele loopbaanontwikkeling:
  - 1995: Aangestel as mede-konsertmeester van die *Orchestre Philharmonique de Nice,*
  - Sedert 2001: Tree oor die wêreld op as leier van die Londen Filharmoniese Orkes; maak verskeie opnames as solis saam met die Londen Filharmoniese Orkes vir LPO Live, iTunes, Naxos, Chandos, Arte, Film and Television, asook die musiek van Lord of the Rings; tree as solis op saam met die *Wiener Concertverein*,
  - Sedert 2009: Professor in viool by die Trinity College of Music, Londen.

### 3.3.10 Charlotte Potgieter

- 1993: Ontvang beurs ter waarde van R28 000; ontvang ook 'n reistoekenning van R3000,
- Musiekkwalifikasies verwerf voor beurstoekenning:
  - 1991: BMus by die Universiteit van Witwatersrand,
- Musiekkwalifikasies oorsee verwerf na beurstoekenning:
  - 1994: Voltooi Voordraersdiploma by Urtrecht Conservatory, Holland,
- Professionele loopbaanontwikkeling:
  - Sedert 1992: Is aangestel as leier van die tweede viole van die Rotterdam Filharmoniese Orkes; speel gemiddeld twee konserte per week; neem jaarliks deel aan opvoedkundige programme aangebied deur die orkes in Holland; gee gereeld meestersklasse by die Rotterdam Hellendaal Music Institute; is gereeld eksterne eksaminator van die Rotterdam Conservatory (CODARTS) en rig die Conservatory Orkes af,
  - 1993: Konsertmeester van die Nasionale Jeugorkes van Suid-Afrika,
  - Sedert 2007: Lid van die Wêreldorkes vir Vrede,
  - 2010: Konsertmeester van die 440Hz Strykersorkes in Rotterdam.

### 3.3.11 Christopher Duigan

- 1994: Ontvang beurs ter waarde van R32 000; ontvang ook 'n reistoekenning van R3000,
- Musiekkwalifikasies verwerf voor beurstoekenning:
  - 1990: BMus (Uitvoerend) by die Universiteit van Durban,
  - 1994: MMus (Uitvoerend) by die Universiteit van Kaapstad,
- Musiekkwalifikasies oorsee verwerf na beurstoekenning:
  - 1996: Nagraadse diploma by die Royal Northern College of Music,
  - 1996: Professionale Voordraersdiploma by Royal Northern College of Music,
- Professionele loopbaanontwikkeling:
  - Sedert 1991: Tree nasionaal en internasionaal op in verskillende genres, byvoorbeeld jazz, ragtime, rolprentmusiek en klassiek; maak gereeld CD opnames,
  - 1997: Stig die Music Revival vereniging om klassieke musiek in Suid-Afrika te bevorder,
  - 2000 – 2010: Is die direkteur van die Konsertreeks by die Hilton Arts Festival,
  - 2001 en 2003: Gee solo uitvoering by die Edinburgh Festival waar hy opgeneem is deur BBC,
  - 2004 – 2010: Is direkteur van die Franschhoek La Motte Classic Music Festival,
  - 2006: Speel concerto saam met die KwaZulu-Natal se Filharmoniese Orkes by die opening van die *World Symphony Series Winter Season*,
  - 2007: Verskyn op die verhoog met die terugkeer van Steinway&Sons na Suid-Afrika,
  - 2009: Gee solo uitvoering by die Franschhoek La Motte Classic Music Festival; speel concerto by Stadsaal van Pietermaritzburg; gee solo uitvoering in die Endler saal by Stellenbosch; gee solo uitvoering in die Baxter teater in Kaapstad,
  - 2010: Gee solo uitvoering by die Boeksentrum in Kaapstad; word aangewys as 'n Steinway kunstenaar,
  - Maak gereeld CD-opnames.

### 3.3.12 Robert Pickup

- 1995: Ontvang beurs ter waarde van R32 000; ontvang ook 'n reistoekenning van R4000,
- Musiekkwalifikasies verwerf voor beurstoekenning:
  - 1994: BMus (Uitvoerend) by die Universiteit van Suid-Afrika,
- Musiekkwalifikasies oorsee verwerf na beurstoekenning:
  - 1996: Voordraersdiploma by die Conservatoire de Musique de Geneve,
- Professionele loopbaanontwikkeling:
  - Sedert 1995: Maak gereeld CD opnames met die Suid-Afrikaanse Kamermusiekvereniging, die *Swiss Wind Soloists* en die *Ensemble Kontraste Zürich,*
  - 1995 – 1999: Tree op as mede-leier van die Nasionale Simfonie Orkes van Suid-Afrika se klarinetseksie,
  - Sedert 1999: Hoofklarinet van die Zurich Operahuis in Switserland,
  - 2007 – 2009: Speel concerto's op 'n historiese klarinet saam met die orkes, *La Scintilla,* in belangrike konsertsale soos Carnegie Hall, Barbican Hall, Concertgebouw in Amsterdam; speel oor die 30 konserte in verskillende lande met die klarinet,
  - 2009: Tree op as leier van die klarinetseksie van die Concertgebouw Orkes in Amsterdam, Holland.

### 3.3.13 Jonathan Oshry

- 1996: Ontvang beurs ter waarde van R32 000; ontvang ook 'n reistoekenning van R4000,
- Musiekkwalifikasies verwerf voor beurstoekenning:
  - 1996: BMus (Uitvoerend) by die Universiteit van Natal,
- Musiekkwalifikasies oorsee verwerf na beurstoekenning:
  - 1999: MMus by die Royal Northern College of Music,
  - 2000: Voordraersdiploma by die Royal Northern College of Music,
  - 2000: BCom by Universiteit van Suid-Afrika,
  - 2002: MMus by die Guildhall School of Music and Drama,
- Professionele loopbaanontwikkeling:

- Sedert 1988: Tree gereeld as solis op saam met belangrike orkeste en gee solo uitvoerings op internasionale gebied,
- 1988 – 1996: Maak gereeld opnames vir die SABC,
- 1994 – 2003: Maak gereeld CD-opnames,
- 1999: Gee solo uitvoering by die St Johns Smiths Square in die Verenigde Koninkryk,
- 2000: Speel concerto by die Bridgewater Hall in Manchester saam met Londen se Filharmoniese Orkes; verskyn op die Suid-Afrikaanse program *Top Billing*,
- 2001 – 2002: Gee solo uitvoering by Wigmore Hall in die Verenigde Koninkryk.

### 3.3.14 Jeanne-Minette Cilliers

- 1999: Ontvang beurs ter waarde van R40 000,
- Musiekkwalifikasies verwerf voor beurstoekenning:
  - 1992: Begin BMus (Uitvoerend) by die Universiteit van die Vrystaat,
  - 1993: Voordraerslisensiaat by Universiteit van Suid-Afrika in kamermusiek,
  - 1993: Voordraerslisensiaat by Universiteit van Suid-Afrika in vokale begeleiding,
  - 1995: Voltooi BMus by Universiteit van Michigan,
  - 1997: MMus by Universiteit van Michigan,
  - 1999: Kunstenaarsdiploma by Indiana University.
- Musiekkwalifikasies oorsee verwerf na beurstoekenning:
  - 2006: Kunstenaarsdiploma in sangbegeleiding by die Manhattan Skool vir Musiek,
- Professionele loopbaanontwikkeling:
  - 1984 – 1994: Verskeie radio opnames vir SABC,
  - 1986 – 2003: Tree internasionaal as solis op saam met belangrike orkeste,
  - 1986 – 2004: Tree internasionaal as solis op in belangrike konsertsale,
  - 1993 – 2007: Tree op in kamermusiekverband saam met internasionale musici,

- 2002 – 2005: Rig sang af by Indiana University in Bloomington; Studio Pianis vir Indiana Universiteit,
- 2003: Bied meestersklasse aan by die Universiteit van Suid-Florida, VSA,
- 2004: Amptelike pianis en onderwyser van die Middelbury College in VSA,
- Sedert 2005: Studio pianis van Manhattan Skool vir Musiek,
- 2006: Amptelike pianis en onderwyser van Centro Studi Lirica, Italië,
- 2006 – 2010: Studio pianis vir Bard College, Musiek Konservatorium,
- 2007: Gee vokale onderrig by die *International Vocal Arts Institute*, Israel,
- Sedert 2005: Musiekdirekteur van die *Martina Arroyo Opera Role Study Program,* New York,
- 2005 – 2008: Dirigeer en tree op in vier optredes,
- Sedert 2008: Onderrig by die Manhattan Skool vir Musiek, NY; bied meestersklasse aan by *Frank Sinatra High School for Arts*, NY,
- 2009: Hoofafrigter vir die *Glimmerglass Opera*, *The Consul* deur Gian Carlo Menotti; bied meestersklasse aan in sang en klavier by die *Royal Academy of Music*, Noorweë,
- 2010: Hoofafrigter vir die *Glimmerglass Opera*, *Tosca* deur Giacomo Puccini; direkteur van die opera *Stillwaters* deur Bettina Sheppard.

### 3.3.15 Anzel Gerber

- 2000: Ontvang beurs ter waarde van R45 000,
- Musiekkwalifikasies verwerf voor beurstoekenning:
  - 1993 – 1995: Ontvang privaat onderrig in Oviédo, Spanje,
  - 1996 – 1998: Studeer aan die Tsjaikowski Staatskonservatorium, Moskou,
- Musiekkwalifikasies oorsee verwerf na beurstoekenning:
  - 2001: Ontvang meestersklasse by Professor Natalia Shakhovskaya in Moskou,
  - 2005: BMus by die Universiteit van Suid-Afrika,
  - 2007: MPhil by die Universiteit van Londen,
  - 2008: DMus (Uitvoerend) by die Universiteit van Londen,
  - 2009 – 2010: Post-doktoraal in Musiekvoordrag by die Goldsmiths Universiteit van Londen,

- Professionele loopbaanontwikkeling:
  - 1995: Solo uitvoering in Suid-Afrikaanse Embassade, Londen,
  - 1996: Solo uitvoering in Rachmaninoff saal, Rusland,
  - Sedert 1999: Rig tjello af by privaat studio; eksamineer by skole en universiteite in Suid-Afrika,
  - Sedert 2000: Bied af en toe meestersklasse aan in China, Korea, Spanje, Duitsland en Rusland,
  - 2001: Solo uitvoering in ZK Matthews Saal, Unisa,
  - 2002: Solo uitvoering in Endler Saal, Stellenbosch,
  - Sedert 2002: Is betrokke by 'n uitreikprogram vir minder bevoorregte leerlinge georganiseer deur die Unisa Musiekstigting; deeltydse dosent by die Universiteit van Pretoria; tjello dosent by Unisa,
  - 2004: Maak 'n CD-opname, *Cello Journey*, met Anneke Lamont as pianis; haar onderrig metodes is genoem in 'n artikel oor onderrigmetodes vir visueelgestremde leerlinge in die *Strad Magazine*,
  - 2005: Solo uitvoering in Odeion te Bloemfontein,
  - 2007: Gee solo uitvoering in die Debtford Saal, VK; gee solo uitvoering in die Maly Zal saal in Moskou,
  - 2007 en 2009: Gee solo uitvoering in die Konferensie Saal van Unisa,
  - 2008: Gee solo uitvoering in die Debtford Saal, VK,
  - 2009: Bied meestersklasse aan in Beijing Sentrale Konservatorium, China; lewer referaat in Stellenbosch,
  - 2009 - 2010: Word 'n post-doktorale genootskap vanaf die *National Research Foundation* (NRF) toegeken om navorsing te doen oor talent assessering en bestuur van begaafde tjelliste in VK, VSA, Korea, Japan, Rusland en Oostenryk.

## 3.4 Samevatting

In die hoofstuk is al die beurswenners tussen 1970 en 2000 in tablevorm genoem. In die Tabel is die jaartal en die instrument van elke beurswenner aangedui. Agtergrond oor die 15 respondente van die studie is voorts gegee. Die prysgeld van elkeen se beurs is genoem om die aanpassing van die Oorsese Musiekstudiebeurs se geldwaarde by inflasie

en die wisselkoers uit te lig. Daarna is die beurswenners se kwalifikasies, asook hul verdere loopbaanontwikkeling puntsgewys genoem. Alhoewel dit onmoontlik is om elke uitvoering en prestasie van die respondente te noem, is die belangrikstes wel uitgesonder.

# HOOFSTUK 4: Uiteensetting en analise van die resultate

## 4.1 Inleiding


Die mikpunt van die vrae aan die respondente was om inligting oor hul loopbaanervaringe en ontwikkeling na die beursoorwinning in te win. Dit ontgin ook hulle opinies rakende Unisa se rol as belangrike instansie in Suid-Afrika. Die data wat uit die antwoorde ingesamel is, is deur middel van persentasieberekeninge grafies verwerk. Omdat die studie groter waarde aan die kwalitatiewe aard van die terugvoer geheg het, is net die belangrike grafieke in hierdie hoofstuk ingesluit. In die bespreking wat volg, word die verdere opleiding wat die beurswenners ontvang het asook die tipe musiekloopbane wat hulle gevolg het onder die soeklig geplaas. Voorts word die direkte of indirekte invloed wat die Unisa beurstoekenning op hul loopbaanvestiging gehad het ondersoek sowel as hul persoonlik opinies aangaande die rol daarvan. By wyse van samevatting word 'n gevolgtrekking gemaak oor die bydraes wat die beurswenners in Suid-Afrika maak sowel as die bydrae wat Unisa gevolglik deur die Oorsese Musiekstudiebeurs vir Voordraers in Suid-Afrika maak.

## 4.2 Die voortgesette studies van die beurswenners

### 4.2.1 Aanvanklike doelwitte van beurswenners

Vroeg in die vraelys is aan die deelnemers gevra wat hul aanvanklike studiedoelwitte na verowering van die Unisa Oorsese Musiekstudiebeurs behels het (sien Vraelys, Afdeling A, vraag 5).

Grafiek 4-1 beeld die keuses van die respondente uit. Drie en negentig persent van die respondente het aangedui dat hulle hul musiekstudie wou voortsit. Sewe persent van die respondente het hul studiebeurse verbeur deur in Suid-Afrika te bly – hulle het egter steeds 'n musiekloopbaan gevolg. Geen respondente het aangedui dat hulle hul musiekaktiwiteite laat vaar het nie.





**Grafiek 4-1: Loopbaankeuses**

### 4.2.2 Aanvanklike buitelandse opleiding

Al vyftien respondente, met die uitsondering van een wat Musiekwetenskap studeer het, het aanvanklik in Uitvoerende Kuns gespesialiseer. Ander verwante kursusse waarin sommige respondente gespesialiseer het, was begeleiding en jazz.

Die grootste persentasie respondente (43%) wat die beurs aanvaar het, het dit gebruik om ’n Voordraersdiploma te bekom. Naas die Voordraersdiploma, was ’n Meestersgraad die mees algemene graad (21%). Grafiek 4-2 dui die aanvanklike kwalifikasies en tipe opleiding aan wat die respondente direk na die beurstoekenning bekom het:





**Grafiek 4-2: Aanvanklik kwalifikasies en opleiding na die beurstoekenning**

### 4.2.3 Gekose lande en musiekinstansies

In die literatuurstudie is die groot keuse van buitelandse musiekinstansies genoem. 'n Jong kunstenaar neem gewoonlik die tegniese vaardighede en styl van sy/haar onderwyser aan om dan later dieselfde komponente aan sy/haar eie leerlinge oor te dra (Mach 1991b: 74). Kennis en vaardighede wat die beurswenners in die buiteland opgedoen het, beïnvloed noodwendig die tipe bydrae wat hulle in Suid-Afrika sal lewer. Omdat 'n musiekinstansie so 'n groot invloed op 'n musiekstudent kan hê, het die navorser dit belangrik geag om te fokus op die lande en musiekinstansies waar die beurswenners hul studies voortgesit het.

Onder die 15 respondente wat die Unisa Oorsese Musiekstudiebeurs tussen 1970 en 2000 gewen het, is 'n totaal van 14 verskillende musiekinstansies gekies. Selde het twee beurswenners by dieselfde instansie hul studie voortgesit. Geografiese verskuiwing was na 'n groot aantal verskillende lande, naamlik die Verenigde State van Amerika (VSA), Verenigde Koninkryk (VK), Duitsland, Holland, Switserland, Oostenryk en Rusland.

Gekose musiekinstansies sluit in die *Herbert von Karajan* Akademie van Berlyn, die Universiteit van Cincinnati in die VSA, *Conservatoire de Musique de Genève* in Switserland, *Guildhall School of Music and Drama* in die VK, *Hochschule für Musik und darstellende Kunst* in Oostenryk, Indiana University in die VSA, *Manhattan School of Music* in die VSA, *Royal Academy of Music* in die VK, *Royal Northern College of Music* in die VK, *Swansea Metropolitan University* in die VSA, *Temple University* in die VSA, *University of London* in die VK, *Urtrecht Conservatory* in Holland en *University of Southern California*, VSA. Nie een van die musiekinstansies kon daarom uitgesonder word as die gewildste musiekinstansie nie. Wat lande betref, het 40% van die respondente na die VK gegaan vir verdere studie en 33% na die VSA. Die res van die lande is onderverdeel in 7% elk (grafiek 4-3).




**Grafiek 4-3: Lande waar beurswenners studeer het**

### 4.2.4 Motivering vir spesifieke musiekinstansies

Na aanleiding van die vraag aangaande die motivering om sekere instansies bo ander te kies, is tabel 4-1 saamgestel. Vir 79% persent van die respondente het die kwaliteit van

onderrig die grootste rol by die keuse van ’n musiekinstansie gespeel. Voorts het 71% aangedui dat die reputasie van ’n spesifieke fakulteitslid (of -lede) belangrik was. Bykomende finansiële bystand van ’n instansie het volgens 57% respondente se mening grootliks bygedra tot die keuse om by so ’n instansie verder te studeer. Die vierde belangrikste bepalende faktor was die reputasie van die musiekinstansie self (50%). Volgende op die ranglys was die aanbeveling van ’n musiekonderwyser. Drie en veertig persent respondente het gevoel dat so ’n aanbeveling uiters belangrik is, terwyl 43% neutrale gevoelens hieroor gehad het. Dit is egter duidelik dat deelnemers eerder die aanbeveling van ’n musiekonderwyser sal volg as die aanbeveling van ’n ander kennis (7%). Ander faktore wat deur deelnemers genoem is, is behuising, ’n spesifieke musiekonderwyser by ’n instansie, asook ’n persoonlike uitnodiging om by ’n sekere musiekinstansie te gaan studeer.

**Tabel 4-1: Motivering vir gekose instansie**


| | Nie belangrik | | | | Baie belangrik |
|---|---|---|---|---|---|
| | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| Ligging | 36% | 14% | 29% | 0% | 21% |
| Koste | 29% | 7% | 21% | 14% | 29% |
| Aanbeveling van 'n onderwyser | 7% | 7% | 43% | 0% | 43% |
| Aanbeveling van 'n kennis | 36% | 22% | 29% | 7% | 7% |
| Hulp/Beurs | 14% | 0% | 7% | 21% | 57% |
| Kwaliteit van onderrig | 7% | 7% | 7% | 0% | 79% |
| Reputasie van musiekinstansie/musiekdepartement | 7% | 7% | 14% | 21% | 50% |
| Reputasie van 'n spesifieke fakulteitslid (lede) | 0% | 0% | 21% | 7% | 71% |
| Fasiliteite | 21% | 7% | 36% | 21% | 14% |
| Behuising | 0% | 0% | 0% | 7% | 0% |
| Spesifieke musiekonderwyser | 0% | 0% | 0% | 0% | 7% |
| Persoonlike uitnodiging vanaf hoof | 0% | 0% | 0% | 0% | 7% |

## 4.3 Respondente se kwalifikasies

### 4.3.1 Aantal kwalifikasies na beursoorwinning

Die ontwikkeling van 'n musikus vereis baie jare van toewyding, ervaring, 'n stimulerende omgewing en hoë kwaliteit onderrig. Die verwerwing van musiekkwalifikasies speel 'n belangrike rol in die vorming van musici en het 'n invloed op hul verdere professionele loopbaanontwikkeling. Hoe beter gekwalifiseer die musikus, des te beter die kans vir 'n goeie werksaanstelling, veral in Suid-Afrika. Derhalwe word die aantal kwalifikasies onder die beurswenners ondersoek.

Uit die respondente het 79% meer as een kwalifikasie verwerf. Hierdie kwalifikasies is meestal in die buiteland verwerf, maar in sommige gevalle ook in Suid-Afrika. 'n Algehele gemiddeld van drie kwalifikasies per beurswenner is bereken. Een en twintig persent het slegs een kwalifikasie behaal na die beursoorwinning (grafiek 4-4).




**Grafiek 4-4: Aantal kwalifikasies**

Die gegewens dui daarop dat sommige beurswenners lank na hul aanvanklike graduering weer een of meer nagraadse studies aangepak het. Een respondent het sy doktoraal 20 jaar na sy eerste buitelandse graduering afgehandel. 'n Ander respondent is vandag, 34 jaar na sy buitelandse graduering, besig met sy doktoraal. Een respondent het soveel as vyf (die hoogste aantal kwalifikasies per respondent) behaal na die oorwinning van Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs.

### 4.3.2 Oorsese musiekopleiding vs musiekopleiding in Suid-Afrika

Sauer (Cooke 1999: 244) noem dat oorsese studie noodsaaklik is vir 'n jong musikus se verdere ontwikkeling, ten spyte daarvan dat die spesifieke student se geboorteland oor bekwame leermeesters beskik. Die formele en informele opvoeding wat beurswenners oorsee bekom verbreed hul horisonne en kan toereikende gevolge op hul musiekloopbane hê.

Op die vraag hoe tersiêre opleiding in die buiteland met tersiêre opleiding in Suid-Afrika vergelyk, stel een respondent dat die akademiese komponente by die oorsese

musiekinstansie nie besonder uitdagend was nie. Nog ’n respondent beaam hierdie siening deur te noem dat die buitelandse akademie ten opsigte van harmonie, kontrapunt en geskiedenis ‘swakker’ is as in Suid-Afrika. ’n Ander respondent het sy kommer uitgespreek oor die laer akademiese standaarde in die buiteland. Hy bieg dat dit vir hom maklik was om goeie akademiese punte te kry en hy voel dat hy op akademiese vlak meer in Suid-Afrika kon bereik het. ’n Respondent wat in Holland studeer het vertel dat ’n mini-tesis eers onlangs as ’n vereiste vir ’n Voordraersdiploma in Holland bygevoeg is. Sy voel dat hierdie mini-tesis nie akademies genoeg van aard is nie. Volgens haar is die standaardvereistes van Unisa se teoretiese eksamens aansienlik hoër as die vereistes van die oorsese musiekinstansie waar sy studeer het. Sy noem dat Unisa se teorie meer omvattend is en dat dit haar baie gehelp het in haar loopbaan as professionele musikus. Volgens ’n ander respondent is praktiese musiekdeelname, intensiewe jeugopvoeding sowel as algemene musiekkennis meer die norm oorsee as in Suid-Afrika.

Die respondente is dit eens dat die vlak van voordrag en onderrig by die buitelandse instansies baie meer stimulerend as in Suid-Afrika is. Die klem van die buitelandse kursusse is meer op die praktiese as die akademiese aspekte gerig. Daarom is die praktiese standaarde volgens die respondente se mening op ’n hoër vlak as díe van Suid-Afrikaanse instansies. As ’n musiekstudent egter kies om te spesialiseer in iets soos Musiekwetenskap is die praktiese vereistes baie min. Verder bied die buitelandse instansies volgens sommige respondente ’n wyer keuse van spesialiseringsrigtings. Daar is ook uit die aard van die saak ’n groter bewustheid van die internasionale standaarde van voordrag en onderwys.

Meeste respondente het ook saamgestem dat die praktiese standaarde van hul buitelandse musiekinstansies op ’n hoër vlak as díe van Suid-Afrikaanse instansies is. Een respondent was dankbaar vir die geleentheid om vir briljante leermeesters te speel en vir waardevolle kontakte wat hy kon maak. Volgens ’n ander respondent was die meerderheid studente by sy oorsese instansie goed genoeg om in die top konsertsale van die wêreld op te tree saam met top orkeste. Nog ’n respondent vertel dat die hele oorsese lewenswyse verskil van díe van Suid-Afrika. Kultuur en die verskillende kunste soos argitektuur, dans en drama is meer geïntegreerd met mekaar. Kinders word reeds op baie jong ouderdomme gereeld blootgestel aan verskeie uitvoerings soos ballette, opera’s en simfonieë. Musiekstudente op universiteit se algemene kennis is daarom “hoër en dieper”

as die studente van Suid-Afrika. Volgens ’n ander respondent word die opvoedingsisteem in Suid-Afrika nadelig beïnvloed deur die groot aantal verskillende kulture. Die oorsese studie was dus vir haar ’n baie verrykende ervaring.


Sekere respondente was oorweldig deur die groot aantal musiekstudente waarvan die meeste buitengewoon talentvol en uiters gedissiplineerd was. Die toewyding en ambisie van die buitelandse studente is veel meer gefokus as in Suid-Afrika en die studente vorder teen ’n vinniger tempo. As gevolg van hierdie stimulerende omgewing is die kompeterende aspek veel meer intens as in Suid-Afrika.

## 4.4 Die musiekloopbane van die beurswenners

### 4.4.1 Veelvuldige loopbane

Min musici slaag daarin om ’n bestaan uit slegs uitvoerings te maak en moet noodgedwonge lesgee ter wille van ’n meer stabiele inkomste. Bennet (2008: 54) het bevind dat hedendaagse musici veelvuldige loopbane het.

Tagtig persent van die respondente kombineer verskillende musiekaktiwiteite soos optredes, onderwys, CD-, radio- of televisieopnames, die aanbied van werkswinkels of meesterkursusse, eksamineringswerk en komposisie. Enkelvoudige loopbane word deur 20% van die respondente gevoer, waarvan slegs 13% tereg kan sê dat hulle ’n bestaan as uitvoerders alleenlik maak (grafiek 4-5). Sewe persent tree glad nie meer op nie en is slegs gemoeid met onderrig.





**Grafiek 4-5: Enkelvoudige vs veelvuldige loopbane**

Twee respondente het gemeld dat hulle hul musiekloopbaan kombineer met 'n alternatiewe beroep. Volgens een respondent het die finansiële situasie wat ontstaan het as gevolg van die onstabiele inkomste van vryskutwerk hom tot ander loopbaanontginning forseer. Vir 'n vaste inkomste het hierdie respondent in 'n videowinkel gaan werk. So ook noem 'n suksesvolle uitvoerende pianis dat 'n Baccalaureusgraad in Rekenkunde dit vir hom moontlik gemaak het om 'n internetbesigheid tydelik te ontgin en dat hy 'n tyd lank van sy uitvoerings 'gerus' het. Dit het saamgeval met tendonitis in sy gewrigte.

### 4.4.2 Onderwys


In die literatuurstudie is daar gekyk na die noue skakeling tussen die onderwys- en die uitvoerende bedryf gedurende die loopbaanontwikkeling van 'n musikus. Hölzenspies (2009: 7) het gevind dat naas uitvoerende voordrag, onderwys die mees algemene beroepsaktiwiteit vir 'n musikus is. 'n Kunstenaar moet gewoonlik noodgedwonge lesgee om te oorleef. Dit is ook uit die vraelys-respons duidelik dat onderwys 'n integrale deel van die beurswenners se musiekloopbane vorm.

Die beraamde persentasies uit die globale groep wys dat 81% in die onderwys betrokke is, 11% glad nie onderrig gee nie en 7% soms meestersklasse gee (grafiek 4-6).




**Grafiek 4-6: Globale groep in onderwys betrokke**

Uit die respondente wissel die persentasies van 73% wat onderrig gee, 20% wat glad nie onderrig gee nie, tot 7% wat wel soms meestersklasse aanbied (grafiek 4-7).




**Grafiek 4-7: Respondente in onderwys betrokke**

By nadere ondersoek blyk dit dat uit die globale groep beurswenners wat in die onderwys betrokke is, 90% moontlik voltyds onderrig, 55% af en toe meestersklasse aanbied en 20% is deeltydse onderwysers is. Uit die 73% respondente wat in die onderwysbedryf opgeëindig het, bied 72% af en toe meestersklasse aan, 72% is voltyds aangestel en 27% deeltyds. Twee en tagtig persent van die respondente wat 'n voltydse aanstelling in die onderwyshoedanigheid het, is tans by tersiêre instansies betrokke. Uit hierdie respondente is 33% professore, 22% mede-professore en 11% senior dosente.

Insiggewend is die feit dat hoe meer onlangs 'n respondent die Unisa Oorsese Musiekstudiebeurs gewen het, hoe minder is hy/sy betrokke by die onderwysbedryf. Een respondent meen dat jong musici met behulp van musiekinstansies wat konserte aanbied makliker optreegeleenthede kry en hulle gevolglik nie finansieel afhanklik van 'n voltydse onderwyspos is nie. Ook in die Verenigde Koninkryk is gevind dat die meerderheid studente kort na graduering voordragverwante-, in plaas van onderwysloopbane, volg. Dit blyk verder dat die ouer respondente eerder musiek onderrig by 'n musiekinstansie en nie as 'n klasmusiekonderwyser of privaat onderwyser nie.

Sommige respondente gee privaat onderrig op 'n deeltydse basis. Een van die respondente het vertel dat haar orkesloopbaan te veeleisend is en dat sy gevolglik nie voltyds by 'n skool of universiteit betrokke kan wees nie. Sy onderrig hoofsaaklik privaat op 'n deeltydse basis, soms ook by die Universiteit van Witwatersrand. Nog 'n respondent het vir twee jaar privaat lesgegee. Na aanleiding van sy groot aantal professionele optredes tydens daardie twee jaar kan afgelei word dat die lesgee ook net deeltyds was.


Uit bogenoemde persentasies is dit duidelik dat die meerderheid beurswenners soms meestersklasse aanbied. Wat permanente werksaanstellings betref, is dit in 'n opvoedkundige hoedanigheid.

### 4.4.3 Uitvoerende aktiwiteite

Om al die professionele optredes van 'n uitvoerende musikus op te teken, is 'n onbegonne taak. Dit is egter moontlik om sekere belangrike optredes van die beurswenners as

verteenwoordigend van 'n suksesvolle musiekloopbaan te beskou en om te bepaal in watter hoedanigheid beurswenners op 'n gereelde basis optree.

Uit die respondente tree 87% steeds op 'n gereelde basis op. Die persentasies van die verskillende optree-genres wissel van 80% vir kamermusiek, 73% vir concerto-optredes saam met orkeste, 67% vir solo-uitvoerings, 47% vir orkesspel, 40% vir gereelde optredes oor die radio of televisie en 33% vir gereelde begeleidingswerk. Sewe persent werk onderskeidelik in 'n musiekteater of in rolprentateljees (grafiek 4-8).




**Grafiek 4-8: Verskillende rigtings van uitvoerende loopbane**

### 4.4.4 Beskikbare loopbaangeleenthede

Om die beskikbaarheid van loopbaangeleenthede in Suid-Afrika na te vors, is daar aan die respondente gevra om hul menings hieroor te gee. Tabel 4-2 is 'n uiteensetting van die respondente se terugvoer oor voldoende geleenthede in Suid-Afrika.

Uit die respondente het 13% meervoudige antwoorde gebied. Hul antwoorde is nie in die tabel se berekeninge ingebring nie, maar word vervolgens bespreek. Die positiewe

terugvoer van die respondente dui daarop dat Suid-Afrika wel bevredigende loopbaangeleenthede aan musici bied. Sewe en sewentig persent respondente meen dat hulle op artistieke vlak suksesvolle loopbane voer en op gereelde basis in kamermusiek ensembles, as concerto soliste en solo uitvoerings kan optree.

**Tabel 4-2: Geleenthede in Suid-Afrika**

| | Ja | Nee | NvT |
|---|---|---|---|
| Voordrag in ’n groot groep (met dirigent) | 64% | 14% | 7% |
| Voordrag in ’n klein groep (sonder dirigent) | 77% | 8% | 15% |
| Solo voordrag | 77% | 15% | 8% |
| Begeleidingswerk | 54% | 0% | 46% |
| Onderwysgeleenthede | 54% | 8% | 38% |
| Navorsing/Projekte | 31% | 0% | 69% |
| Komposisie | 8% | 0% | 92% |
| Filmmusiek | 8% | 8% | 84% |
| Radiowerk | 62% | 0% | 38% |
| Studiowerk | 46% | 23% | 31% |

Een respondent meen dat Suid-Afrika ’n geïsoleerde land is en dat musici hier kan baat by meer blootstellingsgeleenthede. ’n Ander respondent stel dat ’n musikus se werksgeleenthede in Suid-Afrika van homself afhang. Eie inisiatief is die sleutel tot ’n bevredigende musiekloopbaan in Suid-Afrika. ’n Sekere respondent wat in die buiteland woon erken dat sy te lank gelede in Suid-Afrika was om ’n realistiese opinie te kan gee. Sy erken dat sy geen inisiatief geneem het om in Suid-Afrika te kom werk nie, maar tegelykertyd voel sy dat Suid-Afrika ook geen geleenthede aan haar gebied het nie.

## 4.5 Bydraes wat gemaak word tot die musiekbedryf

Uit die respondente voel 67% dat hulle op een of ander wyse ’n bydrae maak tot die musiekbedryf. Die mees algemene bydrae wat onder die respondente genoem is, is om kompetisies en kunstefeeste te beoordeel, of om te eksamineer (33% respondente by elk onderskeidelik). Drie en dertig persent respondente doen gereeld navorsing, skryf artikels en lewer referate. ’n Verdere 20% bied musiekkursusse aan. Dertien persent is musiekdirekteure, 7% persent dien op die musiekkommitee van die Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniging (FAK) en 7% beklee die pos van orrelis of koorleier by ’n kerk.

Respondente lewer gereeld bydrae in Suid-Afrika en in die buiteland op akademiese, opvoedkundige en uitvoerende vlak. Een respondent is byvoorbeeld besig om navorsing te doen oor die suksesvolle opleiding van begaafde tjelliste. Op akademiese vlak doen 33% van die respondente gereeld navorsing, lewer referate of skryf navorsings- en ander artikels vir akademiese tydskrifte. Hierdie respondente lei ook voor- en nagraadse studente by hul betrokke tersiêre instansies.

Op opvoedkundige vlak lewer sekere respondente definitiewe bydraes. Een respondent het met toewyding daarin geslaag om ’n visueel gestremde student by die Universiteit van Pretoria prakties te onderrig. Hierdie student is tans besig met haar doktorale studie by Oxford Universiteit. Twee ander respondente was verantwoordelik dat kamermusiek as ’n volwaardige kursus by hul betrokke universiteite erken word. Sommige respondente reël ook af en toe werkswinkels of verrykingskursusse vir die ontwikkeling van ander leermeesters of jong musici. ’n Ander respondent was instrumenteel in die vestiging van ’n DMus (Voordrag) graad as erkende akademiese kwalifikasie in Suid-Afrika.

Voorts het van die respondente as leermeesters hul eie studente tot suksesvolle musiekloopbane gelei. Van hierdie studente presteer deesdae uitstekend by nasionale en soms internasionale kompetisies. Sommiges beklee vaste posisies in Europese en Japanese orkeste. Verder het sekere jonger respondente van die studie onderrig ontvang by die ouer respondente. Van hulle is tans, net soos hul leermeesters, bekend as professionele musici op nasionale en internasionale gebied.

Sommige respondente het spesifieke tegniese vaardighede tydens hul buitelandse studie aangeleer wat hulle aan hul eie studente oordra. Een van die respondente is oortuig dat toonlere en arpeggio's 'n integrale deel van enige les moet wees. Volgens hom verbeter toonlere en arpeggio's 'n student se tegniek in so 'n mate dat hy/sy op enige oomblik van 'n musiekwerk die regte toon en artikulasie kan voortbring (Conda 2009). 'n Ander respondent moes tydens sy oorsese studie uitermate op indiwiduele vingertegniek konsentreer omdat dit volgens sy onderwyser onderontwikkeld was. Hy kon na sy terugkeer na Suid-Afrika die tegniese oefeninge wat hy oorsee gebruik het om sy vingers sterker te maak, aan sy studente in Suid-Afrika onderrig. Nog 'n respondent wat tjello speel vertel hoe haar tegniek in die buiteland gewysig is. Haar liggaamshouding en haar vingerposisies is aansienlik verander. Sy het geleer dat haar tjellotegniek baie 'vry' en ontspanne moet wees. Sy gebruik ook tans dieselfde konsepte wat sy tydens haar buitelandse studies gebruik het vir haar onderwys in Suid-Afrika. Sy is oortuig dat die musikale idee van 'n werk slegs deur middel van ontwikkelde tegniese vaardighede weergegee kan word. Sy poog ook om vormanalise en die tekstuurverskille van musiek in haar studente se lesse te inkorporeer.

Bydraes tot die uitvoerende kunste sluit die stigting van 'n groep of vereniging, kompetisies- of kunswedstrydbeoordeling, eksaminering vir akademiese instansies soos universiteite, CD-opnames, en enige ander inisiatiewe soos die reël van konserte in. Deur middel van hierdie bydraes word luister- en optreegeleentheid geskep vir beide die publiek en professionele musici en sodoende word klassieke musiek bevorder.

Uit die globale groep het 33% kamermusiekgroepe en musiekverenigings gestig. Sommige van hierdie kamermusiekgroepe tree gereeld in belangrike konsertsale nasionaal en soms internasionaal op. Voorbeelde van sulke musiekgroepe is die Schwietering Kwartet, gestig in 1992 (Bien 2000; Cape Town Concert Series 2010), die UCT, die UP en die Musaion Trios, *Collage ensemble* en *I Grandi Violoncellisti* (Bredenhorst 2008) asook die Hemanay Trio gestig in 1997 (Trio Hemanay 2010). Die Hemanay Trio het as mikpunt die gereelde uitvoering van Suid-Afrikaanse komposisies.

Verder is verenigings gestig wat die voorsetting van die kunsmusiektradisie en die opvoeding van die wye publiek bevorder. Die *Music Revival* vereniging wat in 1997 deur 'n respondent gestig is, is 'n voorbeeld waar 'n kunstenaar eie inisiatief gebruik het om

klassieke musiek in Suid-Afrika te bevorder. Deur middel van hierdie vereniging word klassieke konserte oor die hele land gereël en kry Suid-Afrikaanse musici die geleentheid om op te tree (Music Revival 2010). ’n Verdere inisiatief wat deur 80% van die respondente geneem word, is CD-opnames vir nasionale en internasionale verspreiding sowel as radio- en televisieuitsendings. CD-opnames is van blywende waarde in teenstelling met ’n lewendige opvoering wat binne ’n paar uur verby is. CD-albums is ook maklik bekombaar in musiekwinkels en dien as ’n vername opvoedingsinstrument vir die publiek wat nie altyd in staat is om lewendige uitvoerings by te woon nie.

## 4.6 Die invloed van Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs op die beurswenners

### 4.6.1 Unisa Departement Musiek se voorwaardes

Op die vraag of die beurswenners aan Unisa se voorwaardes kon voldoen, was daar by sommige respondente onsekerheid oor wat die voorwaardes was. Sommige respondente het slegs ‘Ja’ geantwoord, sonder ’n motivering of enige aanduiding hoekom hulle so glo. As gevolg van te veel onduidelikheid by hierdie vraag, is dit nie betekensvol om op grond van die respondente se antwoorde ’n gevolgtrekking te maak nie.

Daar kan wel gestel word dat dit uit die aanvullende data wat die navorser bekom het blyk dat 53% van die respondente op ’n permanente basis na Suid-Afrika teruggekeer het en hul bydraes hier kom lewer het, terwyl 47% oorsee gebly het. Twintig persent van die laasgenoemde groep het nooit na die verowering van die Oorsese Musiekstudiebeurs na Suid-Afrika teruggekeer het nie.

### 4.6.2 Unisa Departement Musiek se ondersteuning

Die antwoorde op die vraelyste toon dat die respondente die Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs op ’n gemiddelde ouderdom van 22 jaar gewen het. Ses van die beurswenners was dit eens dat dit vir ’n jong Suid-Afrikaanse musiekstudent finansieel bitter moeilik is om oorsee te gaan vir verdere studie. Een respondent stel dat min jong musici die finansiële vermoëns het om in die buiteland verder te studeer. ’n Ander beaam

hierdie stelling deur te sê dat Suid-Afrikaanse studente al die finansiële hulp wat hulle kan kry benodig aangesien die studie- en lewenskostes oorsee so hoog is.

In Vraag 1b uit Afdeling C van die vraelys is aan die beurswenners gevra om kommentaar te lewer oor finansiële, morele of logistiese ondersteuning wat hulle vanaf Unisa ontvang het.

Ten opsigte van finansiële ondersteuning het 60% negatief beantwoord. Hierdie respondente kon slegs met behulp van alternatiewe inkomste hul buitelandse studiegeld betaal. Een respondent noem dat sy die Jim Joël Musiekbeurs en nog ’n musiekbeurs vanaf die Nederlandse Zuid-Afrikaanse Vereniging (NZAV) gewen het wat haar oorsese studie kon help betaal. ’n Beurs vanaf die Universiteit van Kaapstad en nog ’n beurs vanaf die *Royal Northern College of Music* het bygedra tot ’n ander respondent se studiefooie. Die *Southern African Music Rights Organisation* (SAMRO) deel ook jaarliks oorsese musiekstudiebeurse uit aan talentvolle jong musici, waarvan sekere respondente díe beurs by hul Unisa Oorsese Musiekstudiebeurs kon voeg. Verder het sommige respondente ten tye van hul beursoorwinning alreeds ander nasionale musiekkompetisies gewen gehad, soos die ATKV Forte kompetisie en die Oude Meester Kompetisie. Die prysgeld van hierdie kompetisies kon aanvullend gebruik word om hul buitelandse onkostes te dek.

Een respondent meen egter dat sy nie daarin kon slaag om genoeg geld bymekaar te maak om oorsee te gaan nie, ten spyte van die feit dat sy in dieselfde jaar ook die Mable Quick beurs in Stellenbosch gewen het en professionele uitvoerings vir die eertydse Kaapse Streeksraad (KRUIK) gehou het om geld in te samel. Sy het haar Unisa Oorsese Musiekstudiebeurs verbeur en is nooit oorsee nie. ’n Ander meld dat die Unisa Oorsese Musiekstudiebeurs te min was om die aantal vereiste vakke van sy kursus te dek. Hy het later sy oorsese studie gestaak. Sommige beskou die Unisa Oorsese Musiekstudiebeurs as bloot ’n prestasie wat hulle behaal het en nie as ’n volledige finansiële ondersteuning vir ’n studiekursus nie.

Sommige van die respondente was egter van mening dat die beurs as wegspringplek vir ’n musiekloopbaan waardevol was. ’n Respondent noem dat dit vir geen Suid-Afrikaanse beurs moontlik is om vir ’n volwaardige studiekursus te betaal nie. Die beurs was egter vir hom baie nuttig. Vir ’n ander respondent het die beurs sy vliegkaartjie se kostes gedra. Hy

meen egter dat dit wonderlik sal wees as Unisa se Direktoraat Musiek die waarde van hierdie beurs kan verhoog. Sewe en twintig persent respondente het positief geantwoord wat betref die finansiële ondersteuning deur net 'Ja' te sê. Die Oorsese Musiekstudiebeurs is deur 13% respondente gebruik om slegs tydelike meestersklasse oorsee by te woon omdat die beurs nie 'n volledige kursus sou kon dek nie.

Wat die morele of logistiese ondersteuning van Unisa betref, het slegs 53% kommentaar gelewer waarvan 34% van geen morele of logistiese ondersteuning bewus was nie. Twintig persent het positief bevestigend beantwoord deur net 'Ja' te antwoord. Een respondent was oorsee op 'n tyd toe Suid-Afrika as "polities verkeerd" beskou was en sou morele ondersteuning hoog op prys gestel het. Hy moes weens sy Suid-Afrikaanse burgerskap soms veg vir optreegeleenthede. 'n Ander teleurgestelde respondent het frustrasie ervaar met die onnodige uitgawes aan vervoerfasiliteite tussen sy huis en die universiteit. Hy het gehoop dat Unisa 'n invloed kon uitoefen om behuising nader aan die universiteit te bekom.


### 4.6.3 Die direkte/indirekte invloed van Unisa op beurswenners se loopbane

Alink (1988: 44) stel dat kompetisiesukses 'n groot uitwerking het op die reputasie van 'n uitvoerende musikus. Een respondent getuig dat hy sonder die beurs nooit sou bereik het wat hy uiteindelik bereik het nie en dat hy met die beurs as paspoort na die buiteland internasionale erkenning gekry het vir sy talent. Pollack (Bachus 2010: 14) wys daarop dat 'n uitvoerende loopbaan as gevolg van kompetisiesukses 'n sekere wegspringplek kan kry. Soos Phillips dit stel (2010) ontgin kompetisies waardevolle blootstellingsmoontlikhede aan jong kunstenaars. Die prestasie het volgens 'n ander respondent ook bygedrae om 'n naam en reputasie te vestig by ander belangrike musiekinstansies in Suid-Afrika.

Om hierdie beurs te ontvang besorg aan 'n musikus prestige. Sestig persent respondente was van mening dat die verowering van hierdie Unisa beurs bygedra het tot hul prestige en gevolglike loopbaangeleenthede. Volgens een respondent het die beurs indirek deure oopgemaak om internasionaal op te tree. As gevolg van sy oorsese kwalifikasie en die feit dat hy daar 'n internasionale kompetisie gewen het (*The Bösendorfer International Competition* in Wene), het hy 'n aanstelling by 'n tersiêre instansie in Suid-Afrika gekry. 'n Ander respondent vermoed dat die geleentheid om na haar terugkeer vir Unisa te

eksamineer ’n moontlike gevolg van die prestasie kan wees. Vir een het die buitelandse studie gelei tot geleenthede om in professionele orkeste onder wêreldberoemde dirigente te speel. Selfs terwyl hy studeer het, kon hy toegang gekry om as lid van wêreldklas orkeste te speel. Dié respondent kon ook kamermusiekgroepe stig en het saam met een van sy groepe, naamlik die Quintet Sankaku, ’n internasionale kompetisie in Parys gewen. Hulle het ook deur die wêreld getoer en konserte gegee. Een van die respondente huldig die mening dat die ondervinding van die Unisa Oorsese Musiekstudiebeurs haar voorberei het vir ander buitelandse kompetisies om sodoende verdere studiebeurse te bekom. Alhoewel ’n enkele respondent ’n negatiewe ervaring met sy oorsese studie gehad het en dit gevolglik nie voltooi het nie, erken hy dat die beurs tog ’n positiewe invloed gehad het tot ’n werksaanbod as orreldosent in Windhoek, Namibië.

Slegs 33% beweer dat die beurs nie ’n bydrae tot hul loopbane gemaak het nie. Volgens een respondent was sy werksaanstellings nie direk te danke aan die verowering van Unisa se studiebeurs nie, maar eerder as gevolg van jare se ervaring. Hoewel die prestasie goed lyk op ’n mens se CV, erken drie verdere respondente dat dit nie ’n direkte invloed op hul loopbaanontwikkeling gehad het nie. Sewe persent was skepties oor die moontlikheid en kon nie ’n ‘ja’ of ‘nee’ antwoord bied oor die invloed van die beurs op hulle loopbaanontwikkeling nie (grafiek 4-9).




**Grafiek 4-9: Invloed van Unisa op beurswenners se loopbane**

### 4.6.4 Die invloed van oorsese studie op beurswenners se beroepsdoelwitte

Deur middel van oorsese studie word jong musici se opleiding verbreed (Cooke 1999: 244). Musiekinstansies waar meesterkursusse, interne kompetisies en konsertoptredes deur professionele musici volop is, kan 'n student informeel aansienlik beïnvloed om 'n loopbaansbesluit te neem (Burland 2005: 92). Voorts toon navorsing dat begaafde leerders om verskeie redes deur ewe begaafde leerders omring moet word om ten volle te ontwikkel (Burland 2005: 22).

Die internasionale ervaring het volgens 86% respondente se mening hul beroepsdoelwitte positief beïnvloed. Sewe persent van die respondente het nie hierdie vraag beantwoord nie en 7% het negatief geantwoord.

'n Respondent meen dat die oorsese ervaring gehelp het om haar begrip van 'professionaliteit' te definieer. Volgens dié respondent is professionele voordrag 'n lewenslange leerskool en nie iets wat slegs by 'n musiekkursus geleer word nie. Verder

kan die loopbaan van ’n solis nie as ’n nie beter of meer suksesvolle loopbaan as dié van ’n onderwyser of ’n orkesmusikus beskou word nie.

Volgens ’n ander respondent het die internasionale omgewing hom meer realistiese doelwitte gegee:

> Dit het my gehelp om aan te gaan met dit waarin ek goed is en waarvan ek hou, in plaas daarvan om te wag vir die Groot Oomblik waarmee ons gewoonlik begin wanneer ons betrokke raak by solo-musiek spel.

Drie respondente het genoem dat die blootstelling aan hoë internasionale standaarde hulle gedryf het om self beter te presteer. Een het gegroei in sy wysheid om ingeligte besluite te neem ten gunste van sy musiekloopbaan in Europa, terwyl ’n ander se begeerte om as orkesspeler ’n bydrae tot Suid-Afrika se musiekmilieu te kom maak toegeneem het. Vir nog ’n respondent was dit belangrik om tussen uitstaande voordraers te wees om hom te motiveer in sy eie werk. Die kontak met wêreldberoemde kunstenaars en die geleentheid om saam met hulle te werk, het ’n sekere respondent laat besef hoe die verskeidenheid van style in een konsert mekaar kan komplimenteer. Samewerking met Russiese dirigente, byvoorbeeld Valery Gergiev, het haar waardering vir die musiek van Russiese komponiste soos Prokofiev, Shostakovich en Tchaikovsky laat toeneem. Die dirigent Simon Rattle se unieke interpretasies het haar begrip van Debussy en Wagner se musiek help verdiep. ’n Ander respondent skryf dat sy kontak met musiekstudente van internasionale standaarde hom op hoogte gehou het van hedendaagse tendense onder professionele voordraers.

Slegs een respondent het gevoel dat die internasionale ervaring ’n negatiewe uitwerking op sy uitvoerende doelwitte gehad het. Volgens hom het sy kursus te veel gefokus op die aanleer van ’n ‘nuwe repetorium’ elke week, in plaas van die interpretasie daarvan.

### 4.6.5 Die invloed van oorsese studie op beurswenners self

Byna al die respondente het hul oorsese ervaring met lof besing. Woorde wat gebruik is om dié ervaring te beskryf, is ‘extremely and enormously stimulating’, ‘wonderfully inspiring’ en ‘life changing’.

Twee respondente noem dat die groter verskeidenheid van kompetisies, geleenthede en professionele musici vir hulle uitgestaan het. Een verduidelik dat ’n mens se persepsie van sy eie vermoëns beperk is wanneer hy in sy eie land bly. Die ervaring van nog ’n ander respondent dien as bewys hiervan as hy vertel hoe hy moes leer om harder te werk, vir homself te dink en sy eie interpretasies van komposisies te formuleer – die element van “*spoon-feeding*” het by sy oorsese onderrig beslis ontbreek.

Verder is een respondent beïnvloed deur sy kontak met internasionale studente en het in hom ’n uiters gedissiplineerde werksetiek geskep. ’n Ander respondent is geïnspireer om nuwe hoogtes te bereik, terwyl ’n derde meer waardering vir Suid-Afrika se musiekbedryf gekry het. ’n Laaste respondent - wat vroeër aangedui het dat sy doelwitte nie deur die internasionale ervaring beïnvloed is nie - skryf dat hy persoonlik wel beïnvloed is:

> Ek het nederig geword as gevolg van die groot aantal musiekstudente van die hoogste kwaliteit. Terselfdertyd was ek daardeur geïnspireer en ondersteun.

### 4.6.6 Wat beurswenners gevolglik kan bied

Topgehalte leiding en onderrig kan alleenlik deur iemand verskaf word wat die musiekprofessie verstaan en loopbaanservaring het. Aan die respondente is gevra of hulle glo dat die Oorsese Musiekstudiebeurs en die oorsese ervaring hulle meer toegerus het om tot Suid-Afrika se musiek by te dra.

Uit die terugvoer, het 74% instemmend geantwoord op hierdie vraag. ’n Respondent wat deesdae gereeld in Suid-Afrika optree erken dat sy vaardigheid as pianis oorsee geslyp is. Hy streef ook deurgaans daarna om die musikale onafhanklikheid wat hy oorsee geleer het aan sy studente oor te dra. Voorts meen twee ander respondente dat hulle waardevolle raad aan jong studente kan gee soos waar om hul studie voort te sit.

Een glo dat hy baie ervaring en kennis opgedoen het wat hy kan deel. Hy wil graag die Suid-Afrikaanse gemeenskap se bewustheid van ’n goeie standaard verhoog. ’n Ander se waardering vir Suid-Afrika sou nie dieselfde gewees het as sy dit nie van ‘buite’ af kon beskou nie. Sy wys daarop dat die musiekopleiding wat sy voor haar beursoorwinning by

haar "fantastiese onderwyser", Van de Geest, ontvang het, oorsee versterk was. Sy was entoesiasties om met die Europese tendense in aanraking te kom.

Die respondente wat egter nie lesgee nie, maar slegs uitvoerings gee, voel dat hulle op ander manier tot die musiekbedryf van Suid-Afrika kan bydra. Een so 'n respondent vertel dat hy gereeld na Suid-Afrika toe kom om op te tree. Omdat hy nie onderrig nie, is sy konserte 'n middel waardeur hy jare se studie en toewyding aan Suid-Afrikaanse gehore "teruggee".

Daar was egter drie respondente wat voel dat hulle nie veel meer het om by te dra nie. Twee meen dat hulle sonder hul oorsese ervaring in elk geval 'n nis in die Suid-Afrikaanse musiekomgewing sou vind waar hulle iets kon bied. 'n Ander respondent het lanklaas kontak met Suid-Afrika gehad en wou nie verder kommentaar lewer nie.

Omdat jong musici uit die ouer geslag se foute en wysheid kan leer, is daar ook aan die deelnemers gevra watter advies hulle aan jong studente sou gee wat gereed maak vir 'n musiekloopbaan, asook die belangrikste les wat hulle oorsee geleer het.

Oorsigtelik beskou, onderstreep die reaksies van die beurswenners harde werk om aan hoër oorsese standaarde te voldoen, asook die aangryp van elke moontlike geleentheid. Voorts beveel sommige respondente aan dat 'n mens baie seker moet wees of 'n mens 'n loopbaan uit musiek wil maak. Passie en motivering is uiters belangrik om 'n musiekloopbaan te vol te hou. Een respondent beklemtoon dat 'n musikus se eie passie vir musiek ander sal inspireer.

Verder is 'n uitgebreide repertorium vanaf 'n jong ouderdom noodsaaklik. Basiese vaardighede in die gekose instrument moet van kleintyd vasgelê word en dit is noodsaaklik om deurgaans fokus te behou. Studente moet hulself nie te veel aan kritiek steur nie, maar moet gefokus bly en streef na hul doelwitte. Een responent voel dat dit nodig is om besigheidsvaardighede aan te leer omdat 'n musikus in Suid-Afrika in baie gevalle homself moet bestuur. 'n Ander stel voor dat studente hulself omring met ander talentvolle musici by wie hulle kan leer. Studente moet soveel as moontlik konserte van "top-kunstenaars" bywoon en ook so gereeld as moontlik voordra vir besoekende kunstenaars. Daar word

gewaarsku dat studente met groot omsigtigheid moet voortgaan in hul studie en dat hulle gereed moet staan vir moontlike beroepsveranderinge.

Belangrike loopbaanslesse wat die respondente geleer het, sluit streng selfdissipline en volgehoue toewyding in. ’n Respondent noem dat hy tot die besef gekom het dat daar ’n plek vir elke mens is. Indien musiek jou passie is, moet jy ’n plek vind waar jy as mens bevrediging kry. Dit verg harde werk, belangrike kompromieë en goeie tydsberekeninge. ’n Ander respondent beklemtoon die feit dat hy vir homself moes leer dink en interpreteer, terwyl ’n ander weer geleer het dat dit beter is om te spesialiseer in een rigting in plaas daarvan om goed te wil wees in alles. Vir een respondent was die oorgang van musiekstudent na professionele musikus die grootste uitdaging. Twee respondente is oortuig van volop musiekloopbaangeleenthede in Suid-Afrika en dat dit belangrik is om tot die land se musiek by te dra.

### 4.6.7 Unisa as musiekinstansie

Die uiteindelike wenner van Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs kry die geleentheid om oorsee deur befaamde leermeesters by ‘n gerekende musiekinstansie onderrig te word, ’n ondervinding wat ongetwyfeld ‘n blywende invloed op ‘n musikus se toekomstige loopbaanvestiging kan hê.

Die respondente se motiveringsantwoorde oor Unisa se program blyk oorweldigend positief te wees. Op die vraag of Unisa hul program moet voortsit, stem almal geesdriftig saam. Een respondent glo dat die Oorsese Musiekstudiebeurs van onskatbare waarde is vir die kandidate wat die beurs wen en wat aanvullende finansies bymekaar kan skraap om oorsee te gaan. Hy waarsku egter dat musiekonderwysers die Unisa-eksamensisteem in Suid-Afrika met wysheid moet benader. Geen sisteem hou vir almal dieselfde waarde in nie en onderwysers dra ’n groot verantwoordelikheid om seker te maak dat hul studente die Unisa eksamens as motiverend beleef. ’n Ander respondent meen dat Unisa se beurstoekenning ’n wonderlike geleentheid skep vir jong musici om oorsese ervaring op te doen. Sy is egter hartseer dat almal nie na Suid-Afrika terugkeer nie en voel dat Suid-Afrika daarby sal baat indien meer beurswenners hul oorsese ervaringe hier kom terugploeg.

Behalwe dat die beurs ’n moontlike geleentheid aan beurswenners bied om oorsee te gaan, bied dit ook ander voordele. Een opinie is dat Unisa opwindende geleenthede bied om nuwe perspektiewe van musiek te verkry. Unisa se musiekeksamens vereis hoë standaarde van musiekstudente en kan help om studente gemotiveerd en doelgeoriënteerd te hou. Selfs die respondent wat nie sy oorsese studie voltooi het nie, meen dat Unisa se musiekeksamens ’n waardevolle leerskool vir jong musici is. Sy noem dat Unisa se standaarde baie hoog is in vergelyking met *Associated Board of the Royal Schools of Music* en *Trinity School of Music*. In haar persoonlike musiekloopbaan het die Unisa sisteem gesorg dat sy ’n goeie grondslag het waarop sy kon bou. ’n Ander respondent voer dit verder deur uit te wys dat daar nie so ’n sisteem in Europa bestaan nie. Sy is van mening dat die gekombineerde praktiese en teoretiese eksamens ’n goeie basis vir enige musikus se verdere studie lê en dat die waarde van die teoretiese agtergrond nie onderskat moet word nie.


Die respondente is in die vraelys geleentheid gegee om verdere voorstelle te maak oor Unisa se program. Hierop het een respondent voorgestel dat Unisa meer tyd en geld moet spandeer om goeie onderwysers in die land te kweek. ’n Ander respondent se advies was om meestersklasse op ’n meer gereelde basis te organiseer. Nog een het ’n amptelike klousule in Unisa se reëls bepleit wat daarop aandring dat beurswenners ná hul oorsese studie vir ten minste ’n jaar in Suid-Afrika moet kom werk. Nog ’n respondent merk ’n behoefte in Suid-Afrika vir ’n strykerskompetisie wat oorsese beurse kan uitdeel.

## 4.7 Bydraes tot Suid-Afrika

### 4.7.1 Beurswenners wat in Suid-Afrika optree


Brendel (Mach 1991a: 29) vertel hoe hy beïnvloed is deur na uitvoerings van professionele musici soos Rubinstein, Kempff, Fischer en Cortot te gaan luister. Jong musiekstudente word geïnspireer deur suksesvolle professionele musici se uitvoerings wat bydra tot hul eie musikale ontwikkeling. Verder dien sulke uitvoerings as opvoeding vir die publiek wat dalk andersens geen blootstelling aan klassieke musiek sou gehad het nie.

Omdat die studie op die bydrae van die Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs vir Voordraers tot die ontwikkeling van musiek in spesifiek Suid-Afrika fokus, het die navorser dit belangrik geag om te kyk na die persentasie beurswenners wat op gereelde basis in Suid-Afrika kom optree, asook waar hulle gereeld optree. Dit is verblydend om te merk dat 74% uit die globale groep beide in Suid-Afrika en oorsee optree. Elf persent tree slegs nasionaal op en 11% tree slegs oorsee op (grafiek 4-10).




**Grafiek 4-10: Die globale groep beurswenners wat in SA en in die buitland optree**

Uit die 15 respondente, tree 80% beide in Suid-Afrika en oorsee op, 13% tree alleenlik in Suid-Afrika op terwyl 13% glad nie in Suid-Afrika optree nie, maar slegs in die buiteland (grafiek 4-11).





**Grafiek 4-11: Respondente wat in SA en in die buitland optree**

Die ooreenstemmende patrone van die twee grafieke bewys dat meeste beurswenners beide in Suid-Afrika en in die buiteland optree, terwyl 'n klein persentasie beurswenners slegs in die buiteland of in Suid-Afrika optree.

Vername konsertvenues waar die beurswenners optree in Suid-Afrika is die Stadsaal en die Baxter Saal van Kaapstad, die Endler Saal in Stellenbosch, die ZK Matthews Saal by Unisa, die Musaion en die Staatsteater in Pretoria, die Odeon en die Sandt du Plessis Teaters in Bloemfontein, die Playhouse Teater en die Stadsaal in Durban en die Linder Ouditorium in Johannesburg. Oorsese konsertvenues sluit die Concertgebouw Amsterdam, die Wigmore Hall en die Debtford Hall in Londen, die Carnegie Hall in New York, die Barbican Hall in Londen, die Zurich Operahuis in Switserland, die Amadeus Hall in Munich, die Brahms Saal van die Musikverein in Wene en die Bamberger Sinfoniker in Duitsland in.


### 4.7.2 Onderwys in Suid-Afrika

Uit die globale groep blyk dit dat 52% van die beurswenners onderwysposte in Suid-Afrika beklee en 26% oorsee musiek onderrig. Elf persent gee meestersklasse in Suid-Afrika waar nodig en 11% is glad nie betrokke by die onderwysberoep nie (grafiek 4-12).




**Grafiek 4-12: Persentasie musiekonderwysers in Suid-Afrika (globale groep)**


Volgens die vraelys-respons gee 67% van die respondente in Suid-Afrika les, hetsy in 'n permanente pos of deur middel van meestersklasse by byvoorbeeld die jaarlikse Stellenbosch Internasionale Onderwys Simposium en die Universiteit van Pretoria se Verrykingskursus. Twintig persent het hulself in die buiteland gaan vestig in 'n onderwysberoep, 20% (veral die jonger beurswenners) gee glad nie musieklesse nie en 7% gee slegs af en toe meestersklasse by nasionale geleenthede of musiekkursusse (grafiek 4-13).




**Grafiek 4-13: Persentasie musiekonderwysers in Suid-Afrika (respondente)**


### 4.7.3 Algehele bydraes

Wanneer die globale groep van 30 in aanmerking geneem word, blyk dit dat 72% 'n bydrae maak tot Suid-Afrika se musieklewe en 28% in die buiteland bydraes lewer (grafiek 4-14).





**Grafiek 4-14: Persentasie bydrae in Suid-Afrika (globale groep)**

Oor die algemeen lewer 80% van die 15 respondente op een of ander wyse 'n bydrae in Suid-Afrika, terwyl 20% Suid-Afrika glad nie besoek nie. Van die respondente wat oorsee gevestig is, kom lewer 71% steeds bydraes tot Suid-Afrika deur middel van konserte en/of meestersklasse (grafiek 4-15).





**Grafiek 4-15: Persentasie bydraes in Suid-Afrika (respondente)**

Alhoewel 'n groot persentasie beurswenners bydraes lewer tot Suid-Afrika, is aansienlik minder in die land gevestig. Uit die globale groep is 59% in Suid-Afrika en 41% in die buiteland gevestig (grafiek 4-16).




**Grafiek 4-16: Persentasie beurswenners in Suid-Afrika (globale groep)**

Uit die respondente alleen is 53% woonagtig in Suid-Afrika met ’n musiekloopbaan, terwyl die res oorsee gevestig is (grafiek 4-17).




**Grafiek 4-17: Persentasie beurswenners in Suid-Afrika (respondente)**

## 4.8 Bespreking van resultate

Nadat die bogenoemde statistieke uiteengesit is kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word.

Behalwe vir twee respondente wat ’n alternatiewe loopbaan begin het, het al die respondente suksesvolle musiekloopbane gevolg. Die meeste beurswenners (80%) lei veelvuldige loopbane en kombineer hul onderwysaktiwiteite met ander aktiwiteite soos uitvoerings, CD-opnames, die aanbied van werkswinkels, eksamineringswerk en komposisie. Uit die 20% wat enkelvoudige loopbane voer, is 13% voltydse uitvoerders en het 7% ’n musiekonderwysrigting ingeslaan.

Die verskillende uitvoerende rigtings wat bedryf word, is solo-uitvoerings, concerto uitvoerings, kamermusiek, orkeswerk, begeleidingswerk, CD-opnames en radio- of televisieuitsendings. Dit blyk verder dat uitvoerende geleenthede meer geredelik

beskikbaar is vir jonger musici. Uit die meer onlangse beurswenners (tussen 1990 en 2000) blyk dat meeste kan bekostig om nie 'n permanente onderwyspos te beklee nie.

Meer as die helfte (53%) van die respondente het na Suid-Afrika teruggekeer om 'n musiekloopbaan te volg. Tagtig persent van die respondente lewer egter gereeld op een of ander manier 'n bydrae tot Suid-Afrika se musiekontwikkeling deur middel van meestersklasse en optredes.

Die onderwys- en uitvoerende bedryf loop integraal saam onder die beurswenners se loopbane. Uit die respondente is 74% in beide onderwys en uitvoerende loopbane betrokke. Die meerderheid respondente het aangedui dat Suid-Afrika bevredigende optreegeleenthede bied vir uitvoerende kunstenaars. Daar word egter benadruk dat 'n musikus deesdae ondernemingsgees en eie inisiatief aan die dag moet lê om hierdie geleenthede te skep.

Uit die respondente se antwoorde blyk dit dat die oorsese musiekskole 'n hoër standaard voordrag en praktiese onderrig bied, maar nie noodwendig 'n hoër akademiese standaard nie. Die hoër kwaliteit voordrag wat oorsee gevind word, kan toegeskryf word aan die groot getal musiekstudente. Hul toewyding, harde werk en algehele hoë standaard lei tot groter kompetisie en stimulasie. Dit bevestig Burland (2005: 22) se bewyse dat begaafde leerders nodig het om omring te word deur ewe begaafde leerders ter wille van kameraadskap, stimulasie, motivering en vinniger vordering. Goeie leermeesters dien as trekpleister vir studente en is dikwels invloedryke figure in die algemene musieklewe van 'n land. Sodoende word aandag onder studente en die publiek getrek. Die vertroue wat daar in die subjektiewe opinies van welbekende persone gestel word, is baie belangrik. Mens sou dus kon sê dat die beurswenners wat na Suid-Afrika teruggekom het iets van beide faktore kon terugploeg, naamlik volronde akademiese kennis vanweë hul Suid-Afrikaanse studie en volronde onderrig- en voordragpraktykmetodes vanweë hul oorsese studie.

Die meeste van die respondente wat musiekonderrig as beroep gekies het, is by tersiêre instansies betrokke – 33% is professore, 22% mede-professore en 11% is senior dosente. Die vlak waarop die beurswenners gekwalifiseer is kan 'n invloed hê op hul

musiekloopbane, hul reputasie as erkende leermeesters en die kwaliteit onderrig wat hulle verskaf. Die globale blootstelling en formele onderrig wat die beurswenners gekry het, het ’n groot impak op hul professionaliteit en hul loopbane (Van Heerden 2007: 56).

Ander bydraes wat deur die respondente tot die musiekbevordering in Suid-Afrika gelewer word, is beoordeling van kompetisies en kunstefeeste, eksaminering, komposisie en verwerking van musiek, die lewering van referate, die skryf van navorsings- en ander artikels, die organisering van verrykings- en ander kursusse om jong musici te verryk en voorsitter-, hoof-, of direkteurskap van produksies of instansies. Sommige beurswenners het ook kamermusiekgroepe of musiekverenigings gestig ter wille van die bevordering van klassieke musiekuitvoerings in Suid-Afrika.

Finansiële druk, teleurstellings of fisiese terugslag is aspekte wat kan veroorsaak dat musici die musiekbedryf verlaat. Twee respondente het as gevolg van hierdie redes tydelik alternatiewe loopbane gevolg – beide is egter steeds betrokke in die musiekbedryf. ’n Paar van die ander respondente het aangetoon dat hulle teleurstellings ervaar het wat hulle negatief aangaande die musiekbedryf beïnvloed het.

Musiekopleiding is nie goedkoop nie – skaflike instrumente, bladmusiek en handboeke is peperduur. Terwyl die fooie vir skool- en privaat onderrig in Suid Afrika relatief laag is, is die fooie vir tersiêre musiekstudies besonders hoog. Buitelandse studie is ongelukkig vir ’n student uit ’n middelklas agtergrond onbekostigbaar weens die wisselkoerse. Sestig persent van die beurswenners moes met behulp van alternatiewe inkomste oorsee gaan studeer. Sommige beurswenners was reeds oorsee en kon met behulp van Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs hul studie verleng by hul instansie. Slegs een respondent kon nie genoeg geld bymekaar kry om oorsee te gaan nie en het die beurs verbeur. Twee respondente het hul beursgeld gebruik om slegs meestersklasse oorsee by te woon omdat die beurs nie ’n volledige kursus sou kon dek nie. Alhoewel Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs wel ’n finansiële hupstoot aan die beurswenners gegee het om ervaring in die buiteland op te doen, is dit duidelik dat die beurs finansieel ontoereikend is om vir ’n volledige oorsese kursus te betaal.

Die meerderheid respondente erken dat hul Unisa prestasie ’n invloed op hul musiekloopbane en ook hul loopbaandoelwitte gehad het. Vir meeste respondente het

Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs indirek bygedra tot verdere prestasies soos om internasionale kompetisies te wen of uitvoerings te lewer. Meeste respondente het hul voorgenome studie suksesvol voltooi. Die blootstelling aan internasionale standaarde het die respondente gedryf om beter te presteer, besluite met wysheid en ervaring te neem en bewus te word van ander moontlikhede in die musiekbedryf. Deurdat die beurswenners in die buiteland rolmodelle uit die professionele musiekwêreld gehad het, was hulle gemotiveer om dieselfde hoë standaard van toonkunstenaarskap te bereik. Sodoende kan gesien word dat informele invloede ook 'n groot invloed op jong studente se musiekloopbaan het.

Sommige respondente het genoem dat hulle persoonlik geraak is deurdat hulle meer gedissiplineerd werk en dat hulle waardering vir Suid-Afrika toegeneem het. Een respondent stel sy ervaring soos volg:

> [Die ervaring oorsee] ontwikkel aspekte van jou persoonlikheid ... wat jou as mens sterker maak en **dit** beïnvloed jou spel meer as die bietjie informasie wat onderwysers met jou deel.

Drie en sewentig persent van die respondente het gevoel dat hulle as gevolg van hul oorsese blootstelling meer het om te bied. Verskeie redes is hier genoem, onder andere dat hulle meer ervaring en kennis opgedoen het en dat hulle gevolglik goeie raad aan studente kan gee. Almal het ervaar dat volgehoue harde werk 'n vereiste vir enige musikus is om sodoende 'n hoë internasionale standaard te handhaaf. Spesifieke tegnieke, metodes en materiaal wat die respondente tydens hul buitelandse studie aangeleer het, word aan hul studente onderrig.

Ten slotte stem al die beurswenners ooreen dat Unisa se Departement Musiek 'n unieke en onmiskenbare bydrae tot Suid-Afrika se musiek lewer. Respondente getuig dat hulle met behulp van Unisa se eksamenprogram 'n goeie basis verkry het waarop hulle hul musiekloopbane kon bou en wil graag sien dat Unisa verder ontwikkel.

# HOOFSTUK 5: Gevolgtrekking

## 5.1 Inleiding

Die volgende vraag is as die hoofnavorsingsvraag vir die studie geformuleer:

| |
|---|
| Hoe suksesvol is die uitgesproke doelwit van Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs vir Voordraers verwesenlik, naamlik dat beurswenners hul musiekkennis in Suid-Afrika terugploeg? |

In 'n poging om 'n antwoord vir die hoofnavorsingsvraag te vind, word die subvrae op die volgende wyses beantwoord:

## 5.2 Beantwoording van subvrae

### 5.2.1 Waar en in watter hoedanigheid het beurswenners hul loopbane voortgesit?

Die meerderheid (53%) van die respondente het hul musiekloopbane in Suid-Afrika kom vestig. Sewe en veertig persent het loopbane oorsee ontwikkel. Alhoewel al die respondente, behalwe een, steeds in verskeie uitvoerende hoedanighede optree, is hulle meestal voltyds betrokke by tersiêre instansies as musiekdosente. Die meeste van die respondente (71%) wat oorsee gevestig is, toer gereeld na Suid-Afrika vir die aanbieding van meestersklasse of konserte. Nadat die navorser beskikbare inligting rondom die 14 non-respondente ingesamel het, is die bogenoemde gevolgtrekkings bevestig.

Byna al die respondente het meer as een verdere kwalifikasie behaal nadat hulle Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs gewen het. Die meeste kwalifikasies wat deur 'n beurswenner na verowering van die beurs verwerf is, is vyf. Gemiddeld het die respondente drie kwalifikasies per respondent verwerf. Behalwe vir een respondent wat in musiekwetenskap gespesialiseer het, het die res van die respondente Uitvoerende Kuns as spesialiseringsveld gekies. Daar is gevind dat respondente hoofsaaklik veelvoudige musiekloopbane het en hul uitvoerende loopbane met ander musiekaktiwiteite kombineer.

Solo uitvoerings word in baie gevalle afgewissel met ensemble-spel of concerto's saam met orkeste. Orkesspelers speel ook in kamermusiekverband en tree solisties op. Sommige respondente maak gereeld CD-, televisie of radio-opnames. Twee respondente is voltydse musiekdirekteure waarvan een oorsee is en een in Suid-Afrika.

### 5.2.2 Het beurswenners na voltooiing van hul buitelandse opleiding hul ervarings in Suid-Afrika kom terugploeg en in watter hoedanigheid?

Ten minste 80% van die respondente dra op een of ander manier tot Suid-Afrika se musiekontwikkeling by. Die algemeenste vorms waarin die respondente in Suid-Afrika werk, is onderwys en uitvoerings. Ander musiekaktiwiteite wat ook deur die respondente genoem is, is die eksaminering vir universiteite en skole, beoordeling van kompetisies en kunstefeeste, die lewering van referate, lidmaatskap van die FAK, die aanbieding van 'n musiekkursus, komposisie en om die pos van orrelis en koorafrigter te beklee.

### 5.2.3 Op watter wyse het die beurswenners 'n bydrae in Suid-Afrika gemaak sedert hul terugkeer?

Dit kan geredelik aanvaar word dat die hoogs gekwalifiseerde beurswenners wat in Suid-Afrika se belangrike musiekinstansies kom onderrig en uitvoerings gee, aandag trek en jong musiekstudente lok. Respondente lewer op akademiese, opvoedkundige en uitvoerende vlak bydrae tot Suid-Afrika se musiekontwikkeling. Drie en dertig persent van die respondente is gedurig besig met nuwe navorsingsvelde en lewer gereeld referate of skryf artikels vir akademiese tydskrifte. Tegniese vaardighede en stilistiese kennis wat die beurswenners in die buiteland geleer het, word tans aan hul eie studente in Suid-Afrika oorgedra. 'n Voorbeeld hiervan is onafhanklike vingervaardigheid wat een respondent tydens sy buitelandse studie beoefen het. Verder het 33% van die respondente kamermusiekgroepe of musiekverenigings gestig wat uitvoerende geleenthede aan musici skep en ook deur hul uitvoerings bydrae tot die musikale opvoeding van die publiek.

### 5.2.4 Het beurswenners hulself oorsee in ’n suksesvolle musiekloopbaan gevestig, en besoek hulle Suid-Afrika in ’n professionele hoedanigheid?

Veertig persent van die respondente voer suksesvolle musiekloopbane oorsee, waarvan 71% steeds na Suid-Afrika toer en ’n bydrae tot die musiekbedryf maak. Hierdie respondente besoek Suid-Afrika as professionele uitvoerende kunstenaars en gee af en toe meestersklasse.

### 5.2.5 Beklee beurswenners voltydse aanstellings in musiekposte of beoefen hulle musiek op ’n deeltydse basis?

Byna al die respondente is voltyds besig in die musiekbedryf. Slegs twee respondente het ’n alternatiewe beroep gevolg en beoefen musiek op ’n deeltydse basis. Die redes hiervoor word aangegee as finansiële druk by een respondent en fisiese terugslag by die ander.

Uit die respondente wat ’n onderwysloopbaan gevolg het, het 72% voltydse aanstellings by musiekinstansies. Meeste respondente gee ook af en toe meestersklasse by onder andere werkswinkels en verrykingskursusse.

### 5.2.6 Is die beursgeld toereikend om vir buitelandse studiekursusse te betaal?

Uit die respondente se reaksies blyk dit dat die beurs finansieel ontoereikend was. Sestig persent het gemeen dat hulle nie sonder die hulp van bykomende beurse, byvoorbeeld die Jim Joël Musiekbeurs en die *Southern African Music Rights Organisation* (SAMRO) in die buiteland sou kon studeer het nie. Dertien persent het die beursgeld gebruik om meestersklasse in die buiteland te ontvang omdat die beurs nie ’n volledige kursus sou dek nie.

## 5.3 Beantwoording van hoofnavorsingsvraag

Terugskouend is dit duidelik dat die meerderheid beurswenners tussen 1970 en 2000 suksesvolle musiekloopbane volg. Alhoewel net 53% van die respondente in Suid-Afrika gevestig is, besoek 80% Suid-Afrika gereeld in ’n professionele hoedanigheid. Unisa se

doelstelling, naamlik dat die Oorsese Musiekstudiebeurswenners vir Voordraers na Suid-Afrika moet terugkeer om hul musiekkennis terug te ploeg, word dus in ’n groot mate verwesenlik. Alhoewel Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs finansieel ontoereikend is vir ’n volledig kursus in die buiteland, is dit beslis ’n belangrike prestasie in die ontwikkeling van die beurswenners se loopbane.

## 5.4 Aanbevelings vir Suid-Afrika se musiekbedryf

Dit sal wonderlik wees as Unisa die waarde van die Oorsese Musiekstudiebeurs vir Voordraers kan verhoog om ’n volledige kursus te dek. Sodoende kan dit waarlik ’n integrale deel vorm van enige beurswenner se loopbaanontwikkeling. ’n Klousule dat die beurswenners vir ten minste ’n jaar na hul buitelandse studie in Suid-Afrika moet kom werk, sal Unisa se bydrae tot die ontwikkeling van Suid-Afrika se musiekontwikkeling verhoog.

Hoe meer beurswenners hulself in Suid-Afrika kom vestig, des te meer kan Suid-Afrika ook beskou word as ’n land met “groot getalle talentvolle musiekstudente” en ’n land met “hoë musiekstandaarde”. Suid-Afrika se musiekbedryf moet gevrywaar word van die sogenaamde “isolasie” wat sommige van die respondente beleef. Erkende leermeesters en invloedryke figure in Suid-Afrika is nodig sodat die land meer geleenthede vir loopbaanontwikkeling bied.

## 5.5 Aanbevelings vir verdere studie

Hierdie studie fokus alleenlik op Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs vir Voordraers. Unisa deel egter jaarliks ander beurse ook uit, onder andere die Oorsese Musiekstudiebeurs vir Onderwys, die Stephanus Zondagh Oorsese Musiekstudiebeurs vir Orrel, die Samro/Unisa/Brenda Rein Begeleidingstudiebeurstoekenning en die Gertrude Buchanan Gedenkprys. Elkeen van hierdie beurse dien sy eie doel en kan moontlik ook ’n invloed op die wenners en uiteindelik op die land hê.

Aangesien hierdie studie op ’n klein teikengroep gefokus het, is ’n ooglopende moontlikheid vir verdere navorsing om ’n groter teikengroep te gebruik sodat die volle impak van Unisa se musiekbeurse nagegaan kan word.

## 5.6 Samevatting

In hoofstuk 1 is die agtergrond asook die persoonlike motivering vir die studie gegee. Die navorsingsprosedures en navorsingsinstrumente is voorts bespreek. Hoofstuk 2 bevat 'n literatuurstudie wat die definisie, loopbane en ontwikkeling van 'n professionele musikus bestudeer. In hoofstuk 3 is al die beurswenners tussen 1970 en 2000 genoem, asook die jaartal en instrument. Die respondente se kwalifikasies voor en na die beursoorwinning is voorts puntsgewys genoem. Die analise en resultate is omvattend in hoofstuk 4 behandel en ten slotte is die subvrae en die hoofnavorsingsvraag in hoofstuk 5 beantwoord.

Die meerderheid van die beurswenners tussen 1970 en 2000 wat na Suid-Afrika teruggekeer het, lewer as prominente leermeesters en uitvoerders belangrike bydrae tot Suid-Afrika se musiekontwikkeling. Verder bied Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs vir Voordraers 'n finansiële hupstoot, maar slegs aan die beurswenners wat ook ander bronne van inkomste het. Die gevolgtrekkings wat gemaak word, is dat Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs vir Voordraers nie noodwendig as 'n volwaardige beurs beskou kan word nie, maar wel as 'n belangrike gebeurtenis wat tot 'n groot mate 'n bydrae lewer tot die ontwikkeling van die musiekbedryf in Suid-Afrika.

Hierdie studie gee erkenning aan die Unisa se Departement Musiek en hul aktiwiteite. Dit help jong musiekstudente om die Oorsese Musiekstudiebeurs in 'n realistiese lig te aanskou. Dit dien ook as motivering om die beurs as doelwit te stel en sodoende hopelik hul volle potensiaal as professionele musici te kan bereik. Die navorser se hoop is dat die inligting beurswenners sal motiveer om hul kennis en ervaring al te meer terug te ploeg in Suid-Afrika. Sodoende kan hulle bydra tot hoër standaarde en meer werks- en optreegeleenthede in Suid-Afrika se musiekmilieu.

# Bibliografie


Alink, G. A. 1988. *Piano Competitions: A Comprehensive Directory of National and International Piano Competitions*. Den Haag: Alink.

Anoniem. 1974. Musiekbeurswenners. *Musicus* 2 (2): 62–63.

Anoniem. 1975. Unisa's Music Scholarship winners. *Musicus* 3 (2): 60–61.

Anoniem. 1980. Musiekbeurskompetisies 1979. *Musicus* 8 (1): 36–37.

Anoniem. 1981a. Musiekkompetisies. *Musicus* 9 (1): 34–50.

Anoniem. 1981b. Musiekkompetisies. *Musicus* 9 (2): 34–50.

Anoniem. 1982a. Musiekbeurskompetisies 1981. *Musicus* 9 (1): 34–35.

Anoniem. 1982b. Musiekbeurskompetisies 1981. *Musicus* 9 (2): 34–35.

Anoniem. 1983. Music Scholarship Concerts at Unisa 1982. *Musicus* 11 (1): 49.

Anoniem. 1985. Die Oorsese Musiekstudiebeurskompetisie 1984. *Musicus* 13 (1): 44.

Anoniem. 1986. Die Oorsese Musiekstudiebeurs 1985. *Musicus* 14 (1): 26.

Anoniem. 1987. Unisa's 1986 Music Scholarship Competitions. *Musicus* 15 (1).

Anoniem. 1989. The 1988 Music Scholarship Competitions of Unisa's Department of Music Examinations. *Musicus* 17 (1): 82–84.

Anoniem. 1990. Die 1989 Unisa-Musiekbeurskompetisies. *Musicus* 18 (1): 99–101.

Anoniem. 1991. Die 1990 Oorsese Musiekstudiebeurskompetisie. *Musicus* 19 (1): 48–50.

Anoniem. 1994. Beurse. *Musicus* 22 (2): 193–201.

Bachus, N. 2010. Competitions: Pinnacles and Pitfalls: An Interview with Daniel Pollack. *Clavier* 2 (1): 13–19.

Bennett, D. 2008. *Understanding the Classical Music Profession: the Past, the Present and Strategies for the Future*. Perth: Ashgate.

Bernstein, S. 1995. "Aspirations, Realities and Recommendations", in *The Education of the Professional Musician: Towards a Change of Attitudes regarding Goals and Values,* edited by Bruhn, S. Nedlands: Callaway International Recourse Centre for Music Education (CIRCME): 121–142.

Bredenhorst, K. 2008. Anmarie van der Westhuizen. Available at www.cellist.nl/database/showcellist.asp?id=2167. Accessed on 16 October 2010.

Burland, K. 2005. Becoming a Musician: a Longitudinal Study Investigating the Career Transitions of Undergraduate Music Students. PhD-thesis. Department of Music University of Sheffield.

Cape Town Concert Series. 2010. Available at www.ctconcerts.co.za. Accessed on 16 October 2010.

Cilliers, J.M. 2008. *Biography*. Available at www.jmcilliers.com/Biography.html. Accessed on 28 December 2010.

Cooke, J.F. 1999. *Great Pianists on Piano Playing*. New York: Dover.

Cosa. 2010. *Susan Mouton*. Available at www.cosa.co.za/Susan.htm. Accessed on 9 December 2010.

Fink, A. 2003. *The Survey Kit: How to manage, analyze, and interpret survey data*. 2nd edition. California: SAGE.

Franklin, D. 1960. The Solo Singer, in *A Career in Music*, Ed. R. Elkin. London: Novello: 43–65.

Gerber, A. Telefoniese kommunikasie op 22 Januarie 2011.

Henning, E. Van Rensburg, W A, and Smit, B. 2004. *Finding your way in qualitative research.* Pretoria: Van Schaiks.

*Handboek vir Musiekeksamens*. 2005. Departement Musiek. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Hölzenspies, L. 2009. *Onderzoek naar de gemengde beroepspraktijk van professionele musici in Nederland: knelpunten en Best Practices*. Nederland: Koninklijke Nederlandse Toonkunstenaars Vereniging, Onderzoeksverslag Project Innovatie Beroepspraktijk (KNTV). Available at www.kntv.nl/bond/090917OnderzoeksverslProjInnovatieBeroepspraktijk.pdf. Toegang verkry op 14 Mei 2010.

Johnson, M. 2010. The State of International Piano Competitions: A "Frenzy for Attention". *Clavier* 2 (1): 20–21.

Mach, E. 1991a. *Great Contemporary Pianists Speak for Themselves*. Vol 1. New York: Dover.

Mach, E. 1991b. *Great Contemporary Pianists Speak for Themselves*. Vol 2. New York: Dover.

Music Revival. 2010. *Music Revival: Celebrating Music*. Available at www.musicrevival.co.za/about/index.asp. Accessed on 16 October 2010.

O'Flynn, J. 2005. "Re-appraising Ideas of Musicality in Intercultural Contexts of Music Education." *International Journal of Music Education: Practice* 23 (3): 191–203.

Palantine. 2003. Graduate Employment in the Performing Arts. Lancaster LA: Palantine *(A Palantine Project*) No 2: 1–3. Available at www.palatine.ac.uk/files/1128.pdf. Accessed on 5 April 2010.

Philips, F. 2010. The Pro's and Cons of Music Competitions, Reevaluating the Role of Classical Music Competitions. Available at www.suite101.com/content/the-pros-and-cons-of-music-competitions-a206588. Accessed on 29 July 2010.

Price, J. & Ruben, M. *Jonathan Oshry, Pianist.* Price Ruben & Partners: Arizona. Available at pricerubin.com/classical/detail.php?SummaryNumber=270. Accessed on 29 July 2010.

Rogers, R. 2002. *Creating a Land with Music: The Work, Education and Training of Professiona Musicians in the 21st Century*. London: Youth Music. Available at www.youthmusic.org.uk/assets/files/HEFCEreport1.pdf. Accessed on 5 April 2010.

Rosen, C. 2002. *Piano Notes: The World of the Pianist*. New York: The Free Press.

Schaffer, W. 2003. *National Associations of Schools of Music: Alumni Survey Format*. NASM. Available at nasm.arts-accredit.org/. Accessed on 6 April 2010.

Smilde, R. 2007. *The Music Profession and the Professional Musician: A Reflection*. Address delivered at the AEC conference, November 2007, Strasbourg, France. Available at www.hanze.nl/NR/rdonlyres/2D30A066-444E-493A-9D56-239617DE74DF/0/ThemusicprofessionandtheprofessionalmusicianRinekeSmilde.pdf Accessed on 5 April 2010.

Smith, D. 1995. Attitudes toward Professional Musicians: Origins, Substance, and Modification, in *The Education of the Professional Musician: Towards a Change of Attitudes regarding Goals and Values*, edited by Bruhn, S. Nedlands: CIRCME: 26–41.

The Romantic Revolution. 2007. *Robert Pickup*. p 15. Barbican Hall: London City. Available at www.barbican.org.uk/media/events/5373bartolifor19-12-07.web.pdf. Accessed on 16 October 2010.

Trio Hemanay. 2010. Available at www.triohemanay.com/index.html. Accessed on 13 January 2011.

*Unisa Inligtingsbrief*. 2009. Direktoraat Musiek. Pretoria: Unisa.

Unisa Music Foundation. 2010. *Concert Sieries.* Available at http://www.unisa.ac.za/Default.asp?Cmd=ViewContent&ContentID=913. Accessed on 21 June 2010.

United Nations Education, Scientific and Cultural Organization. 1997. The Status of the Music Performers in 1997: Document of Reference. UNESCO: Paris. Available at unesdoc.unesco.org/images/0011/001114/111475eo.pdf#xml=http://unesdoc.org/ulis/cgi-bin/ulis.pl?database=ged&set=3D3D32EE_2_84&hits_rec=9&hits_lng=eng. Accessed on 14 May 2010.

Universiteit van Pretoria. Department of Music. *Wessel van Wyk*. Available at web.up.ac.za/default.asp?ipkCategoryID=7854&language=0. Accessed on 16 October 2010.

Van Heerden, E. M. 2007. *Influences of Music Education on the Forming Process of Musical Identities in South Africa.* MMus-dissertation. Pretoria, University van Pretoria.

Van Zweel, I. Telefoniese kommunikasie op 18 Oktober 2010.

Wessels, A. Telefoniese kommunikasie op 22 Januarie 2011.

# Bylae A: Notification Letter

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

FACULTY OF HUMANITIES
DEPARTMENT of MUSIC

TEL (012) 420-2316
(012) 420-3747 (*Secretary*)
FAX (012) 420-2248
Email: dorothy.brown@up.ac.za

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
PRETORIA, 0002, SOUTH AFRICA

Dear Unisa Overseas Music Scholarship Winner

I am carrying out a research project regarding the role that Unisa's Overseas Music Scholarship for Performers' Licentiate plays in the music development of South Africa. This research forms the basis of my dissertation as part of my Masters in Music (MMus) degree at the University of Pretoria.

Your input is vital for my research and I would greatly appreciate it if you could take the time to help me obtain this necessary data. I have received your details from Unisa in order to carry out my research, but I wish to ensure you that I will regard as confidential this information and any information received or any correspondence that will transpire hereafter.

My study involves analyses of the careers of past winners (1970-2000) of the Unisa Overseas Music Scholarship for the Performers' Licentiate examination. Since Unisa is such an prominent musical institution in South Africa, it will be beneficial for future competitors to know what effect the Unisa Overseas Music Scholarship has had on the careers of past winners.

Attached is a questionnaire which will not take more than twenty minutes of your time. It is possible to remain anonymous by indicating it on the questionnaire. If at any time you feel that you would like to withdraw from the research, you are welcome to let me know via email and I will respect that. If you would like to receive a summary of the results of my research, you can indicate this on the questionnaire.

No remuneration will be involved for participating in this research study. All information gathered will be kept on a database at the University of Pretoria for 15 years.

I have enclosed a consent form for your attention. If you choose to participate, please indicate your consent by checking the box at the end of the form and return it with a completed questionnaire. It would be appreciated if you could return it by email before 25 September 2010. If you would rather return the questionnaire by post, indicate this when you return the consent form and I will gladly post the questionnaire with a pre-stamped envelope to you.

My contact details are:

Email address: janette.rottcher@yahoo.com
Mobile: 0795099635

Thank you for your assistance.

Sincerely yours

Janette Rottcher

# Bylae B: Consent Form and Questionnaire

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

FACULTY OF HUMANITIES
DEPARTMENT of MUSIC

TEL (012) 420-2316
(012) 420-3747 (*Secretary*)
FAX (012) 420-2248
Email: dorothy.brown@up.ac.za

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

PRETORIA, 0002, SOUTH AFRICA

## INFORMED CONSENT FORM FOR PARTICIPANT

**Purpose of the research study**
The research study will examine the direct or indirect influence of the Unisa Overseas Music Scholarship for the Performers' Licentiate examination on the careers of scholarship winners. It will reveal the role that the scholarship has on the music development of South Africa.

**Procedures involved in the research study**
The researcher will attempt to contact winners via e-mail. In the event that the e-mail adresses are inactive or incorrect, participants will receive a copy of the notification letter, consent form and the questionnaire in the post to return in a self-adressed envelope.

You are being asked to complete a questionnaire in order to help the researcher obtain necessary data. It will take approximately 20 minutes to complete the questionnaire. The questionnaire consists of closed questions regarding your career background and open questions regarding your opinions and experiences. You are entitled to skip questions should you wish to do so.

**Potential benefits**
There are no direct benefits for participating in this research. However, the results of the study may be beneficial for future competitors and future researchers.

**Potential risk and discomfort**
There is no physical or psychological risk, nor will discomfort be experienced in completing the questionnaire.

**Alternative procedures**
If a person chooses not to participate, there will be no need for alternative procedures.

**Confidentiality of records**
All information gathered from the study will be regarded as confidential. Your personal details will only be used by the researcher to contact you. No unauthorised persons will have access to the information you provide.

**Questions**
If you have any questions or concerns, you may contact the researcher (contact details on the notification letter) or alternatively Professor Wessel van Wyk (supervisor for this research) at 012 420 4292 or wessel.vanwyk@up.ac.za.

**Right to refuse or withdraw**
Participating in this research is voluntary. You may change your mind and withdraw at any time during the study.

**Agreement**
This agreement states that I have read the above or that it has been read to me. I have had the opportunity to ask questions and all questions have been answered to my satisfaction. By checking the box below I voluntarily agree to participate in this study.

- ☐ I voluntarily agree to participate
- ☐ Please post me the questionnaire and pre-stamped envelope (Please confirm postal details in your response)

FACULTY OF HUMANITIES
DEPARTMENT of MUSIC

TEL (012) 420-2316
(012) 420-3747 (*Secretary*)
FAX (012) 420-2248
Email: dorothy.brown@up.ac.za

PRETORIA, 0002, SOUTH AFRICA

# The contribution of the Unisa Overseas Music Scholarship for Performers' Licentiate on music development in South Africa

The aim of the questionnaire is to explore the value of the Unisa Overseas Music Scholarship for the Performers' Licentiate examination on the music development of South Africa.

- The questionnaire is divided into four parts. It is important to try to answer all the questions where required
- Questions either require the answers to be circled or an answer to be briefly discussed
- Please be succinct when answering questions
- Your anonymity is assured
- Your internet details will not be recorded

## Questionnaire

### SECTION A: BACKGROUND INFORMATION

1. In what year did you win the Unisa Overseas Music Scholarship for Performers' Licentiate? ______________________
2. How old were you? ______________
3. Gender (Please circle): Male/Female
4. What instrument did you play? _________________________
5. What did you do after you won the Unisa Overseas Music Scholarship for Performers' Licentiate? Circle the correct answer:

A. Continued my studies in music
B. Did not use the scholarship to continue my studies in music, but pursued a music-related career
C. Left the music industry altogether

**If your answer to question 5 was A, answer all the remaining questions (SECTIONS B TO D). If your answer was B, skip to SECTION C. If your answer was C, skip to Section D (please still return the questionnaire as your input is valued).**

## SECTION B: POST-SCHOLARSHIP EDUCATION AND OPPORTUNITIES

1. Provide information regarding your education (most recent first) which was undertaken **after** winning the Unisa Overseas Music Scholarship for Performers' Licentiate.

| Music Institution | Degree/ Programme Level* | Focus of Study** | Year Conferred*** | Time Taken to Complete Degree/Programme | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Full – time | Part – time |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

* B for Bachelors degree, M for Masters degree, D for Doctoral degree, MC for Master Classes and PD for Performance Diplomas

** For example, composition, music education/choral, piano performance, etc.

*** The year the degree/programme was completed (if applicable)

2. How important were the following elements in choosing a music institution to further your study?

**Not Important** **Very Important**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Location | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Cost of tuition | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Recommendations of a teacher | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Recommendations of an acquaintance | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Assistantship/Scholarship | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Quality of education | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Reputation of the school/department of music | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Reputation of a particular faculty member(s) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Facilities | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Other (State) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

3. Please provide information about your music-related achievements since winning. Fill in where applicable:

3.1 Professional Performance: List prominent professional performances:

| **Year** | **Venue** | **Type of performance (e.g. solo, concerto, orchestral member, accompanist)** | **Country** |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

3.2 Teacher/Pedagogue: Please elaborate on your teaching career:

| Position | Job description | Employer/Location | Country | Years (e.g. 2002–current) |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

3.3 Other contribution: What further contributions have you made to the music industry as a musician (e.g. examiner, adjudicator, project coordinator/organiser, researcher and/or research publicist)?

| Year | Project | Institution | Country |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

4. Do you believe you have/had adequate opportunities in South Africa to work in the following situations? Circle the appropriate response for each item:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Performance with large ensemble (conducted) | Yes | No | N/A |
| Performance with small ensemble (non-conducted) | Yes | No | N/A |
| Solo performance | Yes | No | N/A |
| Accompanist | Yes | No | N/A |
| Teaching opportunities | Yes | No | N/A |
| Research/Writing projects | Yes | No | N/A |
| Composition | Yes | No | N/A |
| Film music | Yes | No | N/A |
| Radio work | Yes | No | N/A |
| Studio work | Yes | No | N/A |
| Other (State) | Yes | No | N/A |

5. If you subsequently left the music industry after continuing your studies please indicate the reasons.

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

## SECTION C: EXPERIENCE (IN HINDSIGHT) OF WINNING THE SCHOLARSHIP

**(Please complete the following questions with brief descriptions where applicable)**

1. **What was your experience regarding the Unisa Overseas Music Scholarship for Performers' Licentiate in terms of the following**
   a. Unisa's conditions – were you able to fulfill them?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

b. Financial, moral or logistical support from Unisa or any other institution – was it sufficient?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

c. Career opportunities which arose due to winning the Scholarship.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

**2. What was your experience of your overseas studies?**

a. Was it a stimulating experience? Briefly elaborate.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

b. Did studying in an international environment influence your goals as a performer? If so, how?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

c. Did studying on an international level influence you?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

d. In which ways were the studies different from studying in South Africa?

e. What was the most valuable lesson you learned overseas?

**3. South African situation:**

a. Do you feel that the Scholarship and the overseas experience increased your ability to contribute to music in South Africa? Why?

b. Do you believe that Unisa should continue their programme, and why?

c. What advice would you give to present music students preparing for a career in music?

**4. Do you have any comments or suggestions regarding Unisa's role in furthering music in South Africa?**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## SECTION D: PERSONAL DETAILS

If you would like to remain anonymous in the result of the study, indicate below.

Name and surname: ________________________________________

Telephone: ________________________________________

Postal Address: ________________________________________

________________________________________

________________________________________

☐ Tick this box if you would like a summary of the results

☐ I would like to remain anonymous

**Thank you for taking the time to complete this survey.**

**Please return to:**

**janette.rottcher@yahoo.com**

**Or**

**Janette Rottcher**

**P.O. Box 595**

**Sonpark**

**South Africa**

**1206**